Die belewenisse van ’n minderjarige seun rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik: ’n gevallestudie

Amanda Beukes

2012

Die belewenisse van ’n minderjarige seun rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik: ’n gevallestudie

Amanda Beukes

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van vereistes vir die graad

MAGISTER

in

MAATSKAPLIKE WERK: FORENSIESE PRAKTYK

in die

Fakulteit Gesondheidswetenskappe

aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

(Potchefstroomkampus)

Studieleier: Dr. A.G. Herbst

Potchefstroom

2012

DANKBETUIGINGS

DANKIE

AAN 'n DAPPER SEUNTJIE WAT TOEGELAAT HET DAT EK SY LEEFWêRELD KON BETREE EN SY BELEWENISSE PUBLISEER

DANKIE

AAN 'n MAMMA WAT NOOIT IN HAAR SEUNTJIE GETWYFEL HET NIE

DANKIE

DR.HERBST VIR HAAR ONGELOOFLIKE GEDULD EN HULP

DANKIE

QUINTA BANGHART VIR DIE TAALVERSORGING

DANKIE

MARIETJIE DU TOIT VIR DIE BLADUITLEG EN TEGNIESE VERSORGING

OPSOMMING

Die belewenisse van ’n minderjarige seun rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik: ’n gevallestudie

Die doel van hierdie navorsing was om die belewenisse van ’n minderjarige seun rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik te eksploreer. Die navorsing volg ’n kwalitatiewe benadering en ’n intrinsieke gevallestudie metode is gevolg. ’n Minderjarige seun en sy moeder was die deelnemers in hierdie studie. Data is versamel deur middel van ‘n dokumentstudie van alle hofrekords van toepassing op die geval, sowel as die lêerinhoud van die moeder en die maatskaplike werker betrokke by die geval. Data is tematies geanaliseer en ‘n aantal bevindings kon daaruit gemaak word.

Uit dié navorsing blyk dit duidelik dat aanmelding van beweerde seksuele misbruik so vinnig as moontlik na die eerste onthulling gedoen moet word. Die aanmelding moet by ’n professionele persoon wat oor die nodige kundigheid en ervaring met betrekking tot forensiese assessering beskik, gedoen word. Die aflê van ’n verklaring by die polisie moet deur ’n mediese ondersoek opgevolg word. Indien die proses nie gevolg word nie, word kinders aan veelvuldige assesserings en uitgerekte hofprosesse blootgestel, wat tot sekondêre trauma aanleiding gee. ’n Verdere gevolg mag ook wees dat ’n beweerde oortreder nie tot verantwoording geroep word nie en sy regmatige straf vryspring.

SLEUTELTERME: aanmelding; seksuele misbruik; forensiese assessering; ouervervreemding (SAID); minderjarige kind; hofproses; gesinsadvokaat.

ABSTRACT

The experiences of a minor boy regarding the reporting and management of alleged sexual abuse: a case study

The aim of this study was to explore the experiences of a minor boy regarding the reporting and management of alleged sexual abuse. The researcher follows a qualitative approach and an intrinsic case study method. A minor boy and his mother were the participants in this study. Data was collected by means of a document analysis and all court records, applicable to this case, as well as the case file contents of the designated social worker were analyzed. Data was analyzed according to themes and a number of results could be drawn from it.

From this research it was clear that reporting of alleged sexual abuse should be done as soon as possible after the first disclosure. Reporting should be done to a professional person with the needed expertise and experience regarding forensic assessments. A solemn declaration at the nearest police station and medical investigation should follow reporting. If the correct reporting procedure is not followed, children are exposed to multiple assessments and extended court processes which may lead to secondary trauma. Furthermore, an alleged perpetrator might not be held responsible and may never be prosecuted.

KEY WORDS: reporting; sexual abuse; forensic assessment; parental alienation (SAID); minor child; court process; family advocate.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS I

OPSOMMING II

ABSTRACT III

INHOUDSOPGAWE IV

VOORWOORD VI

VERKLARING VII

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS VIII

AFDELING A: ORIËNTERING TOT DIE STUDIE 1

1 PROBLEEMSTELLING 1

2 AGTERGROND TOT DIE STUDIE 3

3 NAVORSINGSVRAAG 4

4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 4

5 DOELSTELLING EN DOELWITTE 5

6 METODE VAN ONDERSOEK 5

6.1 LITERATUURSTUDIE 6

6.2 NAVORSINGSONTWERP 6

7 DEELNEMERS 6

8 METODE VAN DATA-INSAMELING 6

9 DATA-ANALISE 7

10 ETIESE ASPEKTE 7

11 OMSKRYWING VAN SLEUTELTERME 8

12 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE 10

13 UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG 11

14 BRONNELYS 11

AFDELING B: MANUSKRIP VIR EKSAMINERING 15

1. INLEIDING 15

2. PROBLEEMSTELLING EN AGTERGROND TOT DIE STUDIE 16

3. DOELSTELLING EN DOELWITTE 19

4. NAVORSINGSMETODOLOGIE 19

5. BEVINDINGE 20

6. BESPREKING VAN BEVINDINGE 36

7. GEVOLGTREKKING 38

8. AANBEVELINGS 39

9. BRONNELYS 40

AFDELING C: ADDENDUMS 44
ADDENDUM A: ONDERHOUDSKEDULE VIR ONDERHOUD MET BIOLOGIESE MOEDER 45
ADDENDUM B: ONDERHOUDSKEDULE VIR ONDERHOUD MET KIND A 46
ADDENDUM C: KOPIE VAN INGELIGTE TOESTEMMING DEUR BIOLOGIESE MOEDER 47
ADDENDUM D: INGELIGTE TOESTEMMING DEUR KIND A 48

LYS VAN TABELLE

TABEL 1: OPSOMMING VAN GETUIENISLEWERING VIR DIE STAAT 24
TABEL 2: OPSOMMING VAN GETUIENIS VIR DIE VERDEDIGING 29
TABEL 3: SENTRALE TEMAS VANUIT GETUIENISLEWERING 31
TABEL 4: OPSOMMING VAN INDIVIDUELE ONDERHOUD MET KIND A 32
TABEL 5: OPSOMMING VAN INDIVIDUELE ONDERHOUD MET BIOLOGIESE MOEDER 34

VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies ooreenkomstig regulasie A.7.2.3 van die jaarboek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus, 2011) vir die graad Magister in Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk. Hierdie artikel maak slegs 50% uit van die totale kursuspunt en is geskryf om te voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif Maatskaplike Werk Navorser-Praktisyn.

VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat **Die belewenisse van 'n minderjarige seun rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik** my eie werk is en dat ek alle bronne gebruik of aangehaal deur volledige verwysings aan te dui en erken.

A. Beukes.

AMANDA BEUKES

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

The *Social Work Practitioner-Researcher* is a refereed interdisciplinary journal for social workers and social service professionals concerned with the advancement of the theory and practice of social work and social development in Africa and in a changing global world. The purpose of the journal is to promote research and innovation in the practice of helping individuals, families, groups, organisations and communities to promote development and human well-being in society. The journal is committed to the creation of empowered, humane, just and democratic societies.

Manuscripts that would be appropriate are: (1) conceptual analyses and theoretical presentations, (2) literature reviews that provide new insights or new research questions, (3) manuscripts that report empirical work. Topics that will be considered include, but are not limited to, the following: lifespan, populations at risk, poverty, livelihoods, anti-discriminatory practice, welfare systems, development management, social security, social policy, human rights, community-based development, social development, comparative health, mental health, education, urban and rural development, civic service, voluntarism, civil society, social movements and social change.

As it is the intention of this journal to maintain a balance between theory and practice, contributors are encouraged to spell out the practical implications of their work for those involved in social work practice and the social services in the African context.

1.1 The reviewing process

Each manuscript is reviewed by the Editor and Assistant Editor. If it is judged suitable for this journal, it is sent to two reviewers for blind peer-review. Based on their recommendations, the editorial committee decides whether the manuscript should be accepted as is, revised or rejected. If a manuscript is published, the author or their institution will be invoiced for page fees at the rate of R75,00 per page.

1.2 Presentation

1. Manuscripts should be submitted as electronic attachments to the journal administrator swjournal@uj.ac.za in Word format. All authors should be shown but the authors should not be identified anywhere in the article.
2. A *minimum length* of 3 500 words and a *maximum length* of 5 000 words (excluding references). No footnotes, endnotes and annexures are allowed.

3. On a separate page, a *title* of not more than ten words should be provided. The author's full name and title, position, institutional affiliation and e-mail address should be supplied.

4. An *abstract* of 150 words plus up to six *keywords*, which encapsulate the principal topics of the paper, must be included. The abstract should summarise the key argument/s of the article and locate the article in its theoretical practice and context. Please note that abstracts are not summaries of research studies. No sub-headings should be used in the abstract.

5. *Headings* must be short, clear and not numbered. Headings should be formatted in capitals and bold, and subheadings in bold only (not underlined or italics). Refer to a copy of the journal.

6. *Figures and tables*:

- All *figures* (diagrams and line drawings) should be copied and pasted or saved and imported from the origination software into a blank Microsoft Word document and submitted electronically. Figures should be of clear quality, black and white, and numbered consecutively with arabic numerals. Supply succinct and clear captions for all figures.

- In the text of the paper the preferred position of all figures should be indicated

  by typing on a separate line the words "Place figure (No)".

- *Tables* must be numbered consecutively with arabic numerals and a brief title should be provided. In the text, typing on a separate line the words "Place Table (No)" should show the position of the table.

- The maximum width for diagrams, line drawings and tables, should not exceed 104 mm for portrait and 164 mm for landscape (with a maximum depth of 104 mm).

7. *References:*

- References to other publications must be in modified Harvard style (see below) and checked for completeness, accuracy and consistency. Include all authors' names and initials and give any journal title in full.

- You should cite publications in the text: (Adams, 1997) or (Mbatha *et al*. 2005). At the end of the paper a reference list in alphabetical order should be supplied using the following style. Do not use indentation when formatting your references.

- If a direct quote is used in-text references should include name of author, date and page number. All other references should not include page numbers.
- Ensure that only references cited in the text are included in the final reference list at the end of the article. Please cross check that only references cited in the text are included in the final reference list and that references follow the format set out below.
- *Books:* Last name, Initials. (year). *Title of Book* Place of publication: Publisher.

Swanepoel, H. & De Beer, F. (1996). *Community Capacity Building* Johannesburg: Thomson Publishing.

- *For book chapters:* Last name, Initials. (year). "Chapter Title" in Editor's last name, Initials. (Ed.) *Title of Book* Place of publication: Publisher, Edition, pages

Boult, B.E. (1998). "Adoption" in Bezuidenhout, F.J. (Ed.). *A Reader in Selected Social Issues* Pretoria: van Schaik Publishers, Second Edition, 41-52.

- *For journals:* Last name, Initials. (year). "Title of Article" *Journal name* Volume(number):pages

Mda, C. J. (2004). "Population ageing and survival challenges in rural Ghana" *Journal of Social Development in Africa* 19(2):90-112.

- *For electronic sources:* If available online the full URL should be supplied at the end of the reference.

Louisiana State Board of Social Work Examiners. (1998). "Guidelines for Child Custody Evaluations", http://www.labswe.org/child.htm

(Accessed on 23/08/2006).

8. *Content:*

- Manuscripts should contribute to knowledge development in social work, social welfare or related professions and the practice implications of the research should be spelled out. Sufficient and appropriate recent literature should be cited. Where the study is based on empirical research, the research design and methodology, results, discussion and conclusion should be addressed. All manuscripts should locate the issue within its social context and the conceptual and theoretical framework informing the study should be clearly outlined.

- The journal will consider articles based on research studies but we will not publish articles which are merely a summary of a research report. The article should have a clear focus that contributes to knowledge building or informs policy and/or practice.

AFDELING A: ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

1 Probleemstelling

Daar is wêreldwyd ’n toename in die aantal aanmeldings van kindertydse seksuele misbruik en die gevolge daarvan hou groot uitdagings in vir slagoffers, hulle gesinne en die professionele persone betrokke by die hantering daarvan (Barlow & Du Rand, 2005; Johnson, 2004). Elke aanmelding moet met groot omsigtigheid hanteer word en vereis gewoonlik ’n objektiewe forensiese assessering (De Voe & Faller, 2002). Deur middel van ’n forensiese assessering word daar gepoog om ’n ware weergawe van die gebeure by die kind te verkry. Dit word op so ’n wyse gedoen dat nie net die beste belang van die kind in ag geneem word nie, maar dat wetlik korrekte optrede in die hand gewerk word. Artikel 110 (1) van die *Childrens’s Act,* 38 van 2005 verplig alle professionele persone om seksuele misbruik van kinders aan te meld. Sekere professionele persone, selfs diegene wat ’n forensiese assessering gedoen het en seksuele misbruik bevind het, blyk in gebreke te bly om dit aan te meld. Sielkundiges, skoolhoofde en selfs maatskaplike werkers tel onder diegene wat versuim om dit aan te meld. Aanmelding kan gedoen word by die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die plaaslike kantoor van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die naaste Kinderbeskermingseenheid of toepaslike nie-regeringsorganisasies.

Volgens die Suid-Afrikaanse Polisie word daar elke dertig sekondes ’n kind verkrag en meer as 40 000 gevalle van seksuele misbruik van kinders word jaarliks deur hulle hanteer (Maleka, 2010; Tsolekile, 2003). Kellog (2002) bevestig dat daar ook jaarliks in die VSA tot 200 000 voorvalle van beweerde kindertydse seksuele misbruik aangemeld word. Nadat aanmelding plaasgevind het, word dit na die Kinderbeskermingseenhede verwys. Die ondersoekbeampte sal die nodige verklarings van die kind en ouer(s) verkry. Indien genoeg bewyse beskikbaar is, sal die oortreder in hegtenis geneem word en voor die hof gebring word. Verskeie verskynings van die oortreder volg. Die nie-beskuldigde ouer wat dikwels ook die aanmelder is, sowel as die betrokke kind, getuig eers later in die proses. Die omvang van seksuele misbruik in Suid-Afrika het selfs daartoe gelei dat spesifieke howe vir seksuele oortredings in werking gestel is.

Müller (2003; 2004) bied ’n oorsig van die geskiedenis van die ontstaan van howe vir seksuele oortredings in Suid-Afrika. Om sekondêre trauma voortspruitend uit hofprosedures

by kinders te voorkom, het die Minister van Justisie gedurende 1988 opdrag aan die Suid-Afrikaanse Regskommissie gegee om ondersoek in te stel na die proses van die Kind As getuie. Gedurende 1993 is daar ’n Amendement tot die Strafproseswet gevoeg, waarin spesiale howe vir seksuele oortredings aanbeveel is. Die eerste daarvan het gedurende 2006 in werking getree. Dit het verseker dat die kind *in camera* deur middel van ’n tussenganger kan getuig. Ten spyte hiervan beleef kinders steeds erge spanning met betrekking tot getuienislewering, omdat hulle nie goed voorberei word nie, hofprosedures dikwels vir lang tye uitgestel word en kruisondervraging senutergend kan wees. Müller en Tait (1994, p.596) het in hulle studie tot die gevolgtrekking gekom dat kinders dikwels ‘n baie negatiewe houding jeens die hof het deurdat die hof deur hulle beskryf is as “... a place where people tried to force answers out of you, they would be annoyed with you if you forgot and did not trust children”. Al hierdie spanning volg op die oorspronklike trauma van seksuele misbruik wat reeds die kind op fisiese, emosionele en sosiale vlakke benadeel het. Volgens Finkelhor en Brown (1985) sluit die traumatiese gevolge van seksuele misbruik onder andere geseksualiseerde gedrag, stigmatisering, wantroue en ‘n gevoel van hulpeloosheid in. Domininquez, Nelke en Perry (2001) beklemtoon dat 21-49% van alle slagoffers van kindertydse seksuele misbruik dikwels tot in volwassenheid post-traumatiese stres kan ervaar. Ras (2009) meld dat die langtermyn gevolge van kindertydse seksuele misbruik ook interpersoonlike probleme, seksuele aanpassingprobleme en ‘n risiko om self kinders te misbruik mag insluit.

Die emosionele impak van seksuele misbruik hou dikwels verband met slagoffers se gevoel van verlies. Die verlies aan kindwees is volgens Müller en Hollely (2009) dikwels die swaarste om te verwerk en kan ’n kind se normale gesonde ontwikkeling strem (Fouché, 2001). Wat egter meestal in die praktyk ervaar word as negatiewe aspek van seksuele misbruik, is die gevoel van magteloosheid of hulpeloosheid wat die slagoffers ervaar as gevolg van die indringing in hul persoonlike ruimte. Dit veroorsaak angstigheid en op sy beurt vererger dit die gevoel van magteloosheid (Finkelhor & Brown, 1985; Fouché, 2001).

Afgesien van die voorafgaande is daar ook ’n verskil in die hoeveelheid aanmeldings van seksuele misbruik tussen seuns en dogters (Cermak & Molidor, 1996). Valente (2005) meld dat seuns veral huiwerig en bang is om dié tipe misbruik aan te meld, aangesien hul bang is vir etikettering dat hulle moontlik homoseksueel mag wees. Dimock (1988) en Hunter (1990) wys ook daarop dat kulturele persepsies in ag geneem moet word in sulke aanmeldings, aangesien daar in sekere kulture geglo word dat ’n kind wat seksueel misbruik word, as die

“gelukkige een” beskou word. Die aanmelding van seksuele misbruik onder seuns mag moontlik ’n gekompliseerde aspek wees, maar Feiring en Cleland (2007) het in hul studie bevind dat daar nie werklik geslagsverskille gevind kon word nie. Genoemde outeurs beveel egter aan dat meer navorsing gedoen moet word rakende die belewenisse van seuns wat seksueel misbruik is.

Hierdie studie fokus op ’n minderjarige seun se belewenisse rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik. Verdere inligting word in die agtergrond tot die studie vervat.

2 Agtergrond tot die studie

Die navorser is sedert 1980 as maatskaplike werker werksaam by verskeie nie-regeringsorganisasies en ook sedert 2000 in ’n private praktyk. Hierdie praktyk fokus primêr op toesig- en beheerondersoeke tydens egskeidingsbemiddeling. Vanweë die wysigings rondom sodanige ondersoeke in die *Children’s Act,* 38 van 2005, word hierdie ondersoeke tans hanteer as ouerskapsplanne. Een van die gevalle wat die navorser hanteer het, was ’n besonder gekompliseerde en traumatiese geval en die navorser het tydens langtermyn-dienslewering aan hierdie kind en sy gesin waardevolle waarnemings gemaak en deeglike dokumentasie versamel waaruit ander professionele persone waarskynlik sou kon leer. Vir doeleindes van hierdie studie sal daar na Kind A verwys word as die respondent van beide dienslewering en die objek van navorsing.

Kind A is ’n seun en was drie jaar oud met die aanvanklike aanmelding. Die primêre aanmelding was vir egskeidingsbemiddeling. Tydens ’n konsultasie met Kind A se biologiese moeder het sy ’n vermoede van beweerde seksuele misbruik van Kind A deur die biologiese vader uitgespreek. Kind A het kommerwekkende gedrag soos nagmerries, enurese, enkoprese, angstigheid, onvanpaste masturbasie en aggressie getoon.

Aangesien die navorser nie opgelei was om kinders van hierdie ouderdom forensies te assesseer nie, is hy na die enigste beskikbare hulpbron in die plattelandse gemeenskap waar hulle woonagtig was, verwys. Finnegan (2004) beklemtoon dat dit noodsaaklik is dat die professionele persoon wat ’n forensiese ondersoek doen, spesifieke kennis, kundigheid en ervaring moet hê en deurlopend eties korrek en in die beste belang van die kind sal optree. Sodanige professionele persoon moet riglyne rondom die beste belang van die kind, soos vervat in die *Children’s Act,* 38 van 2005, volg om die kind te dien, maar moet ook neutraal

en objektief feite versamel om beweringe van seksuele misbruik te bevestig of te weerlê. Dit was ook nodig om die biologiese moeder se motief in haar aanmelding van Kind A te evalueer, aangesien die moontlikheid van ouervervreemding ten alle tye in aanmerking geneem moet word (Lowenstein, 2010).

Uiteindelik was Kind A tot op 11-jarige ouderdom betrokke in die uitgerekte hofsaak wat op hierdie aanmelding gevolg het. Volgens Müller (2004) lei 'n uitgerekte hofproses tot sekondêre trauma by kinders en hul emosionele ontwikkeling en gevoel van selfwaarde word aangetas. Die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie (2002) het in hulle ondersoek 'n aantal tekortkominge in die hofsisteem geïdentifiseer. Hierdie leemtes sluit in dat die hofsisteem nie kindervriendelik is nie; dat die sisteem vyandig deur kinders beleef word en hulle verder traumatiseer. Ras (2009) wys uit dat, alhoewel heelwat pogings aangewend word om die hofsisteem meer toeganklik te maak vir kinders deur hulle *in camera* te laat getuig deur middel van 'n tussenganger, is daar steeds tekortkominge soos dat die beweerde oortreder dikwels in die kind se gesigsveld is en dat die hoë werksladings van aanklaers daartoe kan lei dat kinders nie voldoende op die hofproses voorberei word nie. Kind A is vir 'n periode van agt jaar aan hierdie proses blootgestel en hy het aan die 4-faktor Traumageniese Model van Finkelhor en Brown (1985) voldoen deur geseksualiseerde gedrag te toon, stigmatisering te beleef, wantrouig te raak en emosies van hulpeloosheid ervaar het. Die voorafgaande probleemstelling en agtergrond tot hierdie studie het tot die rasionaal van hierdie studie gelei wat in die volgende navorsingsvraag vervat is.

3 Navorsingsvraag

Wat was die belewenisse van 'n minderjarige seun rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik en hoe kan die lesse geleer uit sy ervaring moontlik toekomstige praktykvoering bevorder?

4 Sentrale teoretiese argument

Deur die intensiewe bestudering van 'n individuele geval, kan beter insig vekry word in die belewenisse van 'n kind rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik en kan toekomstige dienslewering in hierdie veld bevorder word.

5 Doelstelling en doelwitte

Die oorhoofse doelstelling van hierdie studie was om die belewenisse van ’n minderjarige seun rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik te beskryf ten einde toekomstige dienslewering in soortgelyke gevalle te bevorder.

Hierdie doelstelling word vervat in die volgende doelwitte:

- om deur middel van ’n gevallestudie beter insig te verkry in ’n kind se belewenisse van die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik.
- om aanbevelings te maak wat dienslewering in soortgelyke gevalle kan bevorder

6 Metode van ondersoek

Tydens hierdie ondersoek word daar van ’n gevallestudiemetode gebruik gemaak. ’n Gevallestudie word gesien as ’n ontdekking of ’n in-diepte analise van ’n beperkte sisteem (Delport et al., 2011). Die ontdekking en beskrywing van die geval vind plaas deur middel van gedetaileerde, in-diepte data-insamelingsmetodes van meervoudige inligtingsryke bronne. Dit behels onder meer dat verskeie inligtingsbronne soos onderhoude, dokumente, observasies en deelname benut word om data te versamel. Die produk van die navorsing is egter die in-diepte beskrywing van die geval. Die fokus bly op die geval of ’n aspek van die geval, wat deur die geval geïllustreer word.

Delport et al. (2011) verwys na drie soorte gevallestudies:

- Die intrinsieke gevallestudie: die doel is om die individuele geval beter te verstaan.
- Die instrumentele gevallestudie: die doel is om op ’n teorie uit te brei of ’n sosiale saak beter te verstaan.
- Die kollektiewe gevallestudie: dit poog om ooreenkomste te maak tussen gevalle en konsepte.

Vir doeleindes van hierdie navorsing word daar van ’n kombinasie van die instrumentele en intrinsieke gevallestudie gebruik gemaak, omdat daar eerstens gepoog word om die sosiale situasie of saak van kindertydse seksuele misbruik beter te verstaan en tweedens om die individuele geval beter te verstaan (Willig & Stainton-Rogers, 2005).

6.1 LITERATUURSTUDIE

Inligting is bekom deur bestudering van die nodige boeke, tydskrifte, joernale, toepaslike wetgewing en internetbronne. Databasisse soos EBSCO Host, Science Direct, Psych lit, en Google Scholar word gebruik om toepaslike literatuur oor die onderwerp te identifiseer. ’n Literatuurstudie is ’n belangrike stap in die navorsingsproses. Dit is egter nie slegs ’n tussen-in stap in die navorsingsproses nie. Dit reflekteer die navorsing wat reeds oor ’n bepaalde probleem afgehandel en gepubliseer is. Deur middel van ’n literatuurstudie word daar gefokus op die navorsingsprobleem wat ondersoek word en die moontlike oplossings wat in ’n reeds voltooide navorsingsprojek aangebied was. ’n Literatuurstudie help om ’n navorsingsprobleem te formuleer, dit ondersteun die teoretiese basis van die navorsing, help met die ontwikkeling van die navorsingsmetodologie, is ’n leergeleentheid en help om ’n belangrike fase in die navorsingsproses te fasiliteer (Kumar, 2005).

6.2 NAVORSINGSONTWERP

Tydens hierdie studie word daar van die verkennende en beskrywende navorsingsontwerpe gebruik gemaak (Alston & Bowles, 2003; De Vaus, 2001). Verkennende navorsing kry antwoorde op die “hoekom en hoe”- vrae, terwyl beskrywende navorsing antwoorde op die “wie, waar en wanneer”- vrae kry. Verkennende navorsing help met die navorsingontwerp, asook data-insameling deur vrae te beantwoord met betekking tot hoe Kind A sekere dinge beleef het en hoekom hy sekere gedrag getoon het. Deur middel van beskrywende navorsing word antwoorde op die “wie, waar en wanneer”- aspekte van Kind A se belewenisse verkry. Beskrywende navorsing is ’n meer statistiese navorsing wat die fenomeen wat bestudeer word, se karaktertrekke of data beskryf. Die data is feitelik korrek, maar daar kan nie noodwendig gesê word wat dit veroorsaak het nie. Verkennende en beskrywende navorsing komplimenteer mekaar en word ook in hierdie gevallestudie saam gebruik (Babbie, 2004).

7 Deelnemers

Vir die doel van hierdie studie word Kind A en sy biologiese moeder as deelnemers gebruik .

8 Metode van data-insameling

Volgens Fouché en Schurink (2011) word data vir ’n gevallestudie gewoonlik verkry vanuit ’n verskeidenheid bronne, insluitende onderhoude met individue, die bestudering van rekords,

dokumente en waarneming. Vir doeleindes van hierdie studie is data vanuit die volgende bronne verkry:

- Lêerinhoud: Die navorser se lêerinhoud asook die biologiese moeder se lêers, vanaf hulle egskeiding tot met die afhandeling van die seksuele misbruik hofsaak, is bestudeer.
- Hofnotules: Alle hofnotules van toepassing op Kind A is bestudeer
- Onderhoud met: Kind A
- Onderhoud met: Biologiese moeder
- Observasie van Kind A se belewenisse

Onderhoude is gevoer aan die hand van ’n onderhoudskedule soos beskryf deur Greeff (2011). (Sien addendums A en B vir die onderhoudskedules). Observasie behels dat die navorser waarnemings ten opsigte van die objek van die navorsing sal dokumenteer en aanvullend gebruik tot die geheelbeeld wat deur die navorsing verky moet word (Henning, 2004). Tydens hierdie studie is die observasies van die maatskaplike werker betrokke by Kind A vanuit die lêerinhoud bestudeer en by data vanuit ander bronne gevoeg om die belewenisse van Kind A in diepte te bestudeer.

9 Data-analise

Die navorser maak van tematiese analise gebruik, gebaseer op die benadering van Tesch (Poggenpoel, 1998). Hierdie proses bestaan uit 8 stappe wat gevolg word om data sistematies en wetenskaplik te analiseer.

10 Etiese aspekte

Hierdie studie vorm deel van ’n groter studie rakende forensiese praktyk in maatskaplike werk waarvoor die volgende etiese goedkeuringsnommer deur die etiekkomitee van die NWU (Potchefstroom kampus) uitgereik is: NWU – 000-27-09-S1.

In die hantering van minderjarige kinders blyk navorsers dit eens te wees dat ingeligte toestemming deur die kind baie belangrik is (Alderson & Morrow, 2004). Hulle beklemtoon dat kinders sedert die aanvang van die studie betrek moet word, maar betrokke moet bly vir die duur van die hele navorsingstydperk. Tyd moet ten alle tye ingeruim word vir die kinders om vrae te vra, om so onduidelikhede uit die weg te ruim. Anonimiteit ten opsigte van die visuele data moet ook verseker word. Een manier is om die data vir die kind en sy ouer te

wys, hul mening te vra en hul toestemming te kry om dit te gebruik. Geen name mag by die visuele data gebruik word nie. ’n Ander manier van gebruik van visuele data is om tekeninge daarvan te maak. Subjektiwiteit deur die navorser moet ook vermy word. Dit kan verkry word deur die terugvoering van die data aan die kind en ouer. Hul mening in dié verband kan gevra word. Terugvoer verseker dat die navorser reg gehoor het en data reg aanteken.

Reg op privaatheid beteken ook dat ’n kind inligting kan deel. Dit beteken dat hulle kan besluit watter inligting hulle wil deel en wanneer hulle dit wil deel. Kinders moet ten alle tye met respek behandel word. Anonimiteit beteken nie net dat die kind se naam nie genoem mag word nie, dit behels ook dat die onderneming gegee moet word, dat hy/sy nie met die data verbind mag word nie (Brink, 2000).

Ingeligte toestemming deur die ouer of voog is baie belangrik (Henning, 2004). Kuehnle en Connell (2009) lê klem op die volgende aspekte:

- erkenning en respektering van die kwesbaarheid van die kind;
- die oproep dat die navorser ten alle tye neutraal moet wees;
- die inagneming van alle relevante data; en
- dat die navorser alle inligting eerlik beskikbaar moet stel, met die erkenning van die nodige tekortkominge in die studie .

Tydens hierdie studie is die genoemde etiese aspekte in aanmerking geneem deur die ingeligte toestemming van beide die biologiese moeder en Kind A te verkry. Hierdie toestemming is by hierdie verslag ingesluit as addendums C en D.

11 Omskrywing van sleutelterme

‘n Aantal sleutelterme wat in hierdie studie ter sprake is word vervolgens gedefinieër.

- **Aanmelding**

“PROSES waardeur bepaal word of ’n persoon as KLIËNT aanvaar kan word of na ’n ander HULPBRON verwys moet word” (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike werk, 1995, p.1).

- **Seksuele misbruik**

“… an activity, relating to the sex organs, engaged in for sexual gratification which takes advantage of, violates or deceives children or younger people” (Doyle, 1994, p.8).

Volgens die Children's Act, 38/2005 word seksuele misbruik beskryf as ".... deeds encouraging, inducing or forcing a child to be used for the sexual gratification of another person, using a child in or deliberately exposing a child to sexual activities or pornography and procuring or allowing a child to be procured for commercial sexual exploitation or in any way participating or assisting in the commercial sexual exploitation of a child" (Children's Act, 38/2005, p.20).

Roos (2005) verskaf 'n omvattende definisie vir seksuele misbruik wat ook voorsiening maak vir die feit dat hierdie tipe misbruik 'n skending is van 'n kind se privaatheid en persoonlike regte wat kan lei tot 'n subjektiewe ervaring van 'gebruik word' en om as 'n 'objek' hanteer te word. Behalwe vir genoemde subjektiewe ervaring sluit seksuele misbruik enige vorm van betasting, orale of genitale kontak en eksplisiete seksuele optrede van 'n volwassene teenoor 'n kind in.

- **Forensiese assessering**

Forensiese assessering is daarop gemik om feitelik korrekte inligting te verkry, sodat die maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof kan optree (Kaliski, 2006, p.381).

- **Ouervervreemding (SAID)**

Ouervervreemding verwys na "... the wide variety of symptoms that may result from or be associated with a child's alientation from a parent" (Gardner, 2002, p.93). Ouervervreemding word ook in die literatuur beskryf as *Sexual Abuse in Divorce* of kortliks, SAID. SAID verwys na "...

".. a childhood disorder that arises almost exclusively in the context of child-custody disputes. Its primary manifestation is the child's campaign of denigration against a parent, a campaign that has no justification. It results from the combination of a programming (brainwashing) parent's indoctrinations and the child's own contributions to the vilification of the target parent" (Gardner, 2002, p.95).

- **Minderjarige kind**

Ingevolge die Children's Act, 38 van 2005 word 'n kind beskryf as a persoon onder die ouderdom van 18 jaar (Children's Act, 38/2005, p.20).

- **Die kind in die hofproses**

Volgens Dictionary.com (2012) kan die hofproses beskou word as die regsprosedure wat gevolg word in die uitvoering van die wet wat die oortreding definieer, die beweerde

oortreding ondersoek en uiteindelik lei tot skuldigbevinding al dan nie en straftoepassing waar nodig. Ras (2009) voeg hierby dat die kind in die hofproses spesifieke behandeling kry soos om *in camera* te getuig en die reg het om getuienis deur middel van 'n tussenganger te lewer, maar dat die hofproses vir die kind 'n uiters vreemde situasie is wat, ten spyte van pogings om dit vir kindergetuies meer aanvaarbaar te maak, dikwels baie angs by die kind skep en die kind kan traumatiseer.

- **Gesinsadvokaat**

"Persoon wat as advokaat praktiseer, en wat vanweë sy betrokkenheid by of ervaring van die beregting en beslegting van gesinsaangeleenthede aangestel word kragtens die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede, 1987 (Wet 24 van 1987)" (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike werk, 1995, p. 20). Die take van die gesinsadvokaat word verder beskryf deur die Regering van die Wes Kaap as 'n advokaat wat partye in 'n egskeidingsproses bystaan in dispute rondom beheer en toesig, reg tot redelike toegang en voogdyskap oor minderjarige kinders. Indien die partye nie tot 'n redelike ooreenkoms kan kom nie, sal die gesinsadvokaat die partye se omstandighede ondersoek en 'n aanbeveling aan die hof maak rakende besluite in die beste belang van sodanige minderjarige kinders (Western Cape Government, 2012).

12 Beperkinge van die studie

- Aangesien hierdie studie beperk is tot 'n enkele geval, is dit nie verteenwoordigend van die hele populasie nie.
- 'n Minderjarige kind se betrokkenheid stel unieke uitdagings. Verskeie etiese aspekte moes voortdurend tydens die studie in aanmerking geneem word, veral die feit dat Kind A deurlopend inspraak moes hê in die navorsingsproses of te enige tyd kon onttrek. Die risiko vir verdere traumatisering van die kind moes deurentyd in gedagte gehou word.
- Die dokument-analise van hofoorkondes en lêerinhoud was 'n baie tydrowende en duur proses.
- Alle feite van die gevallestudie is nie noodwendig gedokumenteer nie en het verlore gegaan deur 'n dokument-analise deur 'n senior navorser.
- Aangesien die navorser ook as maatskaplike werker in die saak betrokke was, was dit 'n uitdaging vir die navorser om ten alle tye objektief te wees.

- Die artikelformaat wat vir hierdie studie gekies is, bied ook ‘n aantal uitdagings soos dat dit aan die voorskrifte van ‘n spesifieke wetenskaplike joernaal moet voldoen. Een so uitdaging is dat die gekose joernaal die bronverwysingstelsel van die American Psychological Association (APA) vereis. Hierdie styl verskil heelwat van die Harvard styl wat vir die navorser meer bekend was.

13 Uiteensetting van die navorsingsverslag

Hierdie verslag bestaan uit drie afdelings:

- Afdeling A: Orientering tot die studie
- Afdeling B: Die manuskrip vir eksaminering
- Afdeling C: Addendums

14 Bronnelys

Alderson, P. & Morrow, V. (2004). *Ethics, social research and consulting with children and young people* Ilford: Barnardo’s.

Alston, M. & Bowles, W. (2003). *Research for social workers* New York: Wadsworth.

Babbie, E. (2004). *The practice of social research* New York: Wadsworth.

Barlow, D.H. & DuRand, V.M. (2005). *Abnormal psychology: an integrative approach* New York: Houghton Miffin.

Brink, H. (2000). *Fundamentals of research methodology for health care professionals* Cape Town: Juta.

Cermak, P. & Molidor, C. (1996). “Male victim of child sexual abuse” *Child, Adolescent and Social Work Journal 13: 385-40.*

Delport, C.S.L., Fouché, C.B. & Schurink, W. (2011). “Theory and literature in qualitative research” in A.S. De Vos; H. Strydom; C.B. Fouché & C.S.L. Delport. (eds) *Research at grass roots* Pretoria: Van Schaik, pp. 297-306.

De Vaus, D. (2001). *Research design in social research* London: SAGE.

De Voe, E.R. & Faller, K.C. (2002) “Disclosure patterns in children who may have been sexually abused” *Child Maltreatment* 81(1):5-32.

Dictionary.com (2012). “Experience” http://dictionary.reference.com/browse/experience (Accessed on 24/03/12).

Dominiques, R.Z., Nelke, C.F. & Perry, B.D. (2001). *Child sexual abuse: encyclopaedia of crime and punishment* Thousand Oaks: Sage.

Doyle, C. (1994). *Child sexual abuse: A guide for health professionals* London: Chapman & Hall

Dimock, P.T. (1988). “Adult male sexually abused as children: Characteristics and implications for treatment” *Journal of Interpersonal Violence 3: 203-221.*

Feiring, C. & Cleland, C. (2007). “Childhood sexual abuse and abuse specific attributions of blame over 6 years following discovery” *Child Abuse and Neglect* 31:1169-1186.

Finkelhor, D. & Brown, A. (1985). “Impact of child sexual abuse: a conceptualization” *American Journal of Orthopsychiatry* 55(4):530-541.

Finnegan, J.F. (2004). *Investigative interviewing of adolescent victims. FBI Office for Victim Assistance* Washington D.C.: FBI Press.

Fouché, A. (2001). *Speltegnieke in die assessering van die seksueel misbruikte swart kind*. Ongepubliseerde Meestersverhandeling, Universiteit van Pretoria.

Fouché, C.B. & Schurink, W. (2011). “Qualitative research designs” in A.S. De Vos; H. Strydom; C.B. Fouché & C.S.L. Delport. (eds) *Research at grass roots* Pretoria: Van Schaik, pp. 307-327.

Gardner, R.A. (2002). “Parental alienation syndrome vs. Parental alienation: Which diagnosis should evaluators use in child-custody disputes?” *The American Journal of Family Therapy* 30:93-115.

Greeff, M. (2011). “Information collection: interviewing” in A.S. De Vos; H. Strydom; C.B. Fouché & C.S.L. Delport. (eds) *Research at grass roots* Pretoria: Van Schaik, pp. 341-375.

Henning, E. (2004). *Finding your way in qualitative research* Pretoria: Van Schaik.

Hunter, M. (1990). *Abused boys: The neglected victims of sexual abuse* New York: Fawcett Columbine.

Johnson, C.F. (2004). "Child Sexual Abuse" *Lancet* 6(364): 462-470.

Kaliski, S. (2006). *Psychological Assessment* Cape Town: Oxford University Press.

Kellog, N.D. (2002). *Child sexual abuse: a marker or magnifying glass for family dysfunctions* Texas: Sage.

Kuehnle, K. & Connell, M. (2009). *The evaluation of child sexual abuse allegations: a comprehensive guide to assessment and testimony* Hobohen New Jersey: John Wiley & Son.

Kumar, R. (2005). *Research methodology: a step-by-step guide for beginners* London: SAGE.

Lowenstein, L.F. (2010). "The complexity of investigating possible sexual abuse of a child" http://www.parental-alienation.info (Accessed on 30/01/12).

Maleka, C. (2010). *An information kit for families affected by child sexual abuse and reported to the East Rand Child Protection Unit.* Unpublished Masters dissertation, North-West University, Potchefstroom campus.

Müller, K. (2003). "The enigma of the child witness: a need for expert evidence" *Child Abuse Research in South Africa* 4(2):2-9.

Müller, K. (2004). *Preparing children for court: a handbook for practitioners* Port Elizabeth: Printrite.

Müller, K. & Hollely, K. (2009). *Introducing the child witness* Port Elizabeth: Printrite.

Müller, K. & Tait, M. (1994). "A prosecutor is a person who cuts of your head: children's perception of the legal process" *The South African Law Journal* 114(111): 593-603.

Poggenpoel, M. (1998). "Data analysis in qualitative research" in A.S. De Vos. (ed) *Research at grass roots: a primer for the caring professions* Pretoria: Van Schaik, pp. 334-353.

Ras, S. (2009). *'n Ondersoek na die emosionele behoeftes en probleme van die seksueel misbruikte adolessent wat betrokke is by die hofsisteem* Ongepubliseerde Meestersverhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

Roos, N. (2005). *Praat daaroor* Pretoria: LAPA Uitgewers.

RSA (Republic of South Africa). (2005). Ministry of Social Development. *The Children's Act* (38 of 2005). Pretoria: Government Printer.

RSA (Republic of South Africa). (2002). South African Human Rights Commission. *Report on sexual offences against children. Does the criminal justice system protect children?* Cape Town, Government Printer.

RSA (Republiek van Suid-Afrika). (1987). Ministerie van Justisie. *Wet op Bemiddeling in sekere Egskeidingsaangeleenthede* (24 van 1987). Pretoria: Staatsdrukker.

Tsolekile, P. (2003). *Child abuse in the Western Cape* Cape Town: Regent Press.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. (1995). *Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk* Kaapstad: CTP Drukkers.

Valente, S.M. (2005). "Sexual abuse of boys" *Journal of Child and Adolescent Psychiatiric Nursing* 18: 10-15.

Western Cape Government. (2012). "The Courts of South Africa" http://www.westerncape.gov.za/eng/pubs/public_info/C/32303 (Accessed on 08/05/12).

Willig, C. & Stainton-Rogers, W. (2005). *Handbook of qualitative research in psychology* London: SAGE.

AFDELING B: MANUSKRIP VIR EKSAMINERING

Die belewenisse van ’n minderjarige seun rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik: ‘n gevallestudie

Me A Beukes, ’n Meestergraadstudent aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) is werksaam as maatskaplike werker in ’n private praktyk.

Dr Alida Herbst, Senior Lektor verbonde aan die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

ABSTRACT [150 words]

Childhood sexual abuse is a worldwide phenomenon that traumatizes numerous children and requires specialist services from social workers and other professionals. Dealing with the effect of sexual abuse is often not the only trauma that children have to face; they are also exposed to the legal process and lengthy court proceedings.

The purpose of this research was to explore the experiences of a minor boy regarding the reporting of alleged sexual abuse and the processes that followed his disclosure. A qualitative research design was followed by applying an intrinsic case study method. Data was collected through a document analysis and personal interviews and analysed according to themes. From this study conclusions could be drawn that abuse should be reported as expeditiously as possible; that an objective forensic assessment by a qualified and experienced professional is essential and that the child’s declaration at the police should be followed by a medical examination.

Keywords: Child sexual abuse; forensic assessment; parental alienation, minor, court process, family advocate

1. Inleiding

Die seksuele misbruik van kinders is ’n brutale vorm van kindermishandeling wat onder alle rassegroepe, inkomstegroepe en geslagte voorkom. Slegs die slagoffers van hierdie misdaad is bewus van die impak hiervan op hulle lewe. Afgesien van fisieke en/of emosionele pyn wat seksuele misbruik tydens en na die gebeure vir die kind veroorsaak, strek die effek van hierdie ervaring dikwels tot in hul volwasse lewe. Indien kinders nog blootgestel word aan

uitgerekte hofprosesse om die skuldige tot verantwoording te roep, word die trauma vergroot.

Hierdie artikel fokus op ‘n intrinsieke gevallestudie van ‘n individuele geval van beweerde seksuele misbruik van ‘n minderjarige seun. Die belewenisse van die betrokke kind word geëksploreer aan die hand van hofrekords, lêerinhoud van die maatskaplike werker betrokke by die saak, sowel as individuele onderhoude met die betrokke kind en sy biologiese moeder. Die verkreë data word aangebied in die vorm van ‘n tydlyn van gebeure vanaf die egskeiding en eerste bewering deur die kind tot en met die afhandeling van die hofproses. Vanuit hierdie ondersoek word daar ‘n aantal gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak wat kan bydra tot die hantering van soortgelyke gevalle.

2. Probleemstelling en agtergrond tot die studie

Daar is wêreldwyd ’n toename in die getal aanmeldings van kindertydse seksuele misbruik en die gevolge daarvan hou groot uitdagings in vir slagoffers, hulle gesinne en die professionele persone betrokke by die hantering daarvan (Barlow & Du Rand, 2005; Johnson, 2004). Elke aanmelding moet met groot omsigtigheid hanteer word en vereis gewoonlik ’n objektiewe, forensiese assessering (De Voe & Faller, 2002). Deur middel van ’n forensiese assessering word daar gepoog om ’n ware weergawe van die gebeure by die kind te verkry. Dit word op so ’n wyse gedoen dat nie net die beste belang van die kind in ag geneem word nie, maar wetlik korrekte optrede in die hand gewerk word. Artikel 110 (1) van die *Children’s Act*, 38 van 2005 verplig alle professionele persone om seksuele misbruik van kinders aan te meld. Sekere professionele persone, selfs diegene wat ’n forensiese assessering gedoen het en seksuele misbruik bevind het, blyk in gebreke te bly om dit aan te meld. Sielkundiges, skoolhoofde en selfs maatskaplike werkers tel onder diegene wat versuim om dit aan te meld. Aanmelding kan gedoen word by die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die plaaslike kantoor van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die naaste Kinderbeskermingseenheid of toepaslike nie-regeringsorganisasie.

Volgens die Suid-Afrikaanse Polisie word daar elke dertig (30) sekondes ’n kind verkrag en meer as 40 000 gevalle van seksuele misbruik van kinders word jaarliks deur hulle hanteer (Maleka, 2010; Tsolekile, 2003). Kellog (2002) bevestig dat daar ook jaarliks in die VSA tot 200 000 voorvalle van beweerde kindertydse seksuele misbruik aangemeld word. Nadat aanmelding plaasgevind het, word dit na die Kinderbeskermingseenhede verwys. Die ondersoek-beampte sal die nodige verklarings van die kind en die ouer(s) verkry. Indien

genoeg bewyse beskikbaar is, sal die oortreder in hegtenis geneem word en voor die hof gebring word. Verskeie verskynings van die oortreder volg. Die nie-beskuldigde ouer wat dikwels ook die aanmelder is, sowel as die betrokke kind, getuig eers later in die proses. Die omvang van seksuele misbruik in Suid-Afrika het selfs daartoe gelei dat spesifieke howe vir seksuele oortreders in werking gestel is.

Müller (2003) bied ’n oorsig van die geskiedenis van die ontstaan van howe vir seksuele oortredings in Suid-Afrika. Om sekondêre trauma voortspruitend uit hofprosedures by kinders te voorkom, het die Minister van Justisie gedurende 1988 opdrag van die Suid-Afrikaanse Regskommissie gegee om ondersoek in te stel na die proses van die Kind As getuie. Gedurende 1993 is daar ’n Amendement tot die Strafproseswet gevoeg, waarin seksuele howe aanbeveel is. Die eerste daarvan het in 2006 in werking getree. Dit het verseker dat die kind *in camera* deur middel van ’n tussenganger kan getuig. Ten spyte hiervan beleef kinders steeds erge spanning met betrekking tot getuienislewering, omdat hulle nie goed voorberei word nie, hofprosedures dikwels vir lang tye uitgestel word en kruisondervraging senutergend kan wees. Al hierdie spanning volg op die oorspronklike trauma van seksuele misbruik wat reeds die kind op fisiese, emosionele en sosiale vlakke benadeel het. Domininquez, Nelke en Perry (2001) beklemtoon dat 21- 49% van alle slagoffers van kindertydse sekskuele misbruik dikwels tot in volwassenheid post-traumatiese stres kan ervaar.

Die emosionele impak van sekskuele misbruik hou dikwels verband met slagoffers se gevoel van verlies. Verlies aan hul kindwees is volgens Müller en Hollely (2009) dikwels die swaarste om te verwerk en kan ’n kind se normale gesonde ontwikkeling strem (Fouché, 2001). Wat egter meestal in die praktyk ervaar word as negatiewe aspek van seksuele misbruik, is die gevoel van magteloosheid wat die slagoffers ervaar as gevolg van die indringing van hul persoonlike ruimte. Dit veroorsaak angstigheid en op sy beurt vererger die gevoel van magteloosheid (Fouché, 2001).

Afgesien van die voorafgaande is daar ook ’n verskil in die hoeveelheid aanmeldings van seksuele misbruik tussen seuns en dogters (Cermak & Molidor, 1996). Valente (2005) meld dat seuns veral huiwerig en bang is om dié tipe misbruik aan te meld, aangesien hul bang is vir etikettering dat hulle moontlik homoseksueel mag wees. Dimock (1988) en Hunter (1990) wys ook daarop dat kulturele persepsies in ag geneem moet word in sulke aanmeldings, aangesien daar in sekere kulture geglo word dat ’n kind wat seksueel misbruik word, as die “gelukkige een” beskou word. Die aanmelding van seksuele misbruik onder seuns mag

moontlik ’n gekompliseerde aspek wees, maar Feiring en Cleland (2007) het in hul studie bevind dat daar nie werklik geslagsverskille gevind kon word nie. Genoemde outeurs beveel egter aan dat meer navorsing gedoen moet word rakende die belewenisse van seuns wat seksueel misbruik is.

Hierdie studie fokus op ’n minderjarige seun se belewenisse rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik . Verdere inligting word in die agtergrond tot die studie vervat.

Die navorser is sedert 1980 as maatskaplike werker werksaam by verskeie nie-regeringsorganisasies en ook sedert 2000 in ’n private praktyk. Hierdie praktyk fokus primêr op toesig- en beheerondersoeke tydens egskeidingsbemiddeling. Vanweë die wysigings rondom sodaninge ondersoeke in die *Children’s Act,* 38 van 2005, word hierdie ondersoeke tans hanteer as ouerskapsplanne. Een van die gevalle wat die navorser hanteer het, was ’n besonder gekompliseerde en traumatiese geval en die navorser het tydens lantermyn-dienslewering aan hierdie kind en sy gesin waardevolle waarnemings gemaak en deeglike dokumentasie versamel waaruit ander professionele persone waarskynlik sou kon leer. Vir doeleindes van hierdie studie word daar na Kind A verwys as die respondent van beide dienslewering en die objek van navorsing.

Kind A is ’n seun en was drie jaar oud met die aanvanklike aanmelding. Die primêre aanmelding was vir egskeidingsbemiddeling. Tydens ’n konsultasie met Kind A se biologiese moeder het sy ’n vermoede van beweerde seksuele misbruik van Kind A deur die biologiese vader uitgespreek. Kind A het kommerwekkende gedrag soos nagmerries, enurese, enkoprese, angstigheid, onvanpaste masturbasie en aggressie getoon.

Aangesien die navorser nie opgelei was om kinders van hierdie ouderdom forensies te assesseer nie, is hy na die enigste beskikbare hulpbron in die plattelandse gemeenskap waar hulle woonagtig was, verwys. Finnegan (2004) beklemtoon dat dit noodsaaklik is dat die professionele persoon wat ’n forensiese ondersoek doen, spesifieke kennis, kundigheid en ervaring moet hê en deurlopend eties korrek en in die beste belang van die kind sal optree. Sodanige professionele persoon moet riglyne rondom die beste belang van die kind, soos vervat in die *Children’s Act,* 38 van 2005, volg om die kind te dien, maar moet ook neutraal en objektief feite versamel om beweringe van seksuele misbruik te bevestig of te weerlê. Dit was ook nodig om die biologiese moeder se motief in haar aanmelding van Kind A te

evalueer, aangesien die moontlikheid van ouervervreemding ten alle tye in aanmerking geneem moet word (Lowenstein, 2010).

Uiteindelik was Kind A tot op 11 (elf) jarige ouderdom betrokke in die uitgerekte hofsaak wat op hierdie aanmelding gevolg het. Volgens Müller (2004) lei 'n uitgerekte hofproses tot sekondêre trauma by kinders en hul emosionele ontwikkeling en gevoel van selfwaarde word aangetas. Kind A is vir 'n periode van agt (8) jaar aan hierdie proses blootgestel en hy het aan die 4-faktor Traumageniese Model van Finkelhor en Brown (1985) voldoen wat spesifiek fokus op die identifisering en hantering van sekondêre trauma by kinders.

Hierdie geval en die navorser se langtermyn betrokkenheid by Kind A het uiteindelik gelei tot hierdie studie en die strewe om die volgende navorsingsvraag te beantwoord:

Wat was die belewenisse van Kind A rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik en hoe kan die lesse geleer uit sy ervaring moontlik toekomstige praktykvoering bevorder?

3. Doelstelling en doelwitte

Die oorhoofse doelstelling van hierdie studie was om die belewenisse van 'n minderjarige seun rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik te eksploreer en te beskryf ten einde toekomstige dienslewering in soortgelyke gevalle te bevorder. Hierdie doelstelling het gelei tot die volgende spesifieke doelwitte:

- om deur middel van 'n gevallestudie beter insig te vekry in 'n kind se belewenisse van die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik en
- om aanbevelings te maak wat dienslewering in soortgelyke gevalle kan bevorder.

4. Navorsingsmetodologie

Hierdie navorsing berus op 'n kombinasie van die instrumentele en intrinsieke gevallestudiemetode (Delport et al., 2011) omdat daar eerstens gepoog is om die sosiale situasie of saak van kindertydse seksuele misbruik beter te verstaan en tweedens om die individuele geval beter te verstaan (Willig & Stainton-Rogers, 2005). Die studie word voorts vanuit 'n kwalitatiewe paradigma en binne die verkennende en beskrywende navorsingsontwerpe beplan en uitgevoer (Alston & Bowles, 2003; De Vaus, 2001). Data is ingesamel deur middel van 'n dokumentstudie en in-diepte onderhoude (Greeff, 2011;

Padgett, 2008). Alle hofoorkondes, verslae en lêerinhoud van toepassing op Kind A is sistematies ontleed tydens die dokumentstudie en individuele onderhoude is gevoer met Kind A en sy biologiese moeder. Data is tematies geanaliseer aan die hand van Tesch se benadering (Poggenpoel, 1998). Data is deur ’n objektiewe senior navorser verwerk om subjektiwiteit en partydigheid deur die navorser, wat ook as maatskaplike werker by Kind A se geval betrokke was, te beperk.

Hierdie studie vorm deel van ’n groter studie rakende forensiese praktyk in maatskaplike werk waarvoor die volgende etiese goedkeuringsnommer deur die etiekkomitee van die NWU (Potchefstroom kampus) uitgereik is: NWU-000-27-09-S1. Toepaslike etiese aspekte rondom die insluiting van minderjarige kinders by navorsing word gevolg. In die hantering van minderjarige kinders blyk navorsers dit eens te wees dat ingeligte toestemming deur die kind baie belangrik is (Alderson & Morrow, 2004). Hulle beklemtoon dat kinders sedert die aanvang van die studie betrek moet word, maar ook betrokke moet bly vir die duur van die hele navorsingstydperk. Tyd moet ten alle tye ingeruim word vir die kinders om vrae te vra, om so onduidelikhede uit die weg te ruim. Anonimiteit ten opsigte van die visuele data moet ook verseker word. Een manier is om die data vir die kind en sy ouer te wys, hul mening te vra en hul toestemming te kry om dit te gebruik. Geen name mag by die visuele data gebruik word nie. ’n Ander manier van gebruik van visuele data is om tekeninge daarvan te maak. Subjektiwiteit deur die navorser moet ook vermy word. Dit kan hanteer word deur die terugvoering van die data aan die kind en ouer. Hul mening in dié verband kan gevra word. Terugvoer verseker dat die navorser reg gehoor het en data reg aanteken.

Reg op privaatheid beteken ook dat ’n kind inligting kan deel. Dit beteken dat hulle kan besluit watter inligting hulle wil deel en wanneer hulle dit wil deel. Kinders moet ten alle tye met respek behandel word. Anonimiteit beteken nie net dat die kind se naam nie genoem mag word nie, dit behels ook dat die onderneming gegee moet word, dat hy/sy op geen manier met die data verbind mag word nie (Brink, 2000).

5. Bevindinge

Bevindinge soos verkry vanuit die dokumentstudie en onderhoude sal vervolgens aangebied word. Die bevindinge word vervat in ‘n tydlyn van gebeure van toepassing op Kind A, rolspelers betrokke by die saak en ‘n opsomming van getuienis tydens die hofsaak, soos verkry uit die dokumentstudie van die hofoorkondes van toepassing op hierdie saak.

Tydlyn van gebeure soos verkry vanuit die dokumentstudie

Junie 2004: Egskeidingsdatum

Die biologiese ouers skei na ’n huwelik van 9 jaar. Kind A is 3 jaar oud ten tye van die egskeiding

Maart 2005: Eerste aanmelding by maatskaplike werker

Die biologiese moeder meld aan met betrekking tot hulp vir ’n ouerskapsplan. Sy meld dat Kind A presenteer met sekere simptome wat haar verontrus en laat wonder of seksuele misbruik van Kind A nie plaasgevind het nie. Laasgenoemde en die feit dat die maatskaplike werker nie met 3-jarige kinders gewerk het of opgelei was in forensiese assesserings nie het daartoe gelei dat Kind A na ‘n opvoedkundige sielkundige verwys is.

Junie 2005: Eerste konsultasie by opvoedkundige sielkundige nr. 1

Kind A is 4 jaar oud. Die biologiese moeder meld aan vir hulp in verband met die aanbeveling tot toegang van die biologiese vader. Kind A openbaar seksuele misbruik aan haar. Sy steur haar aanvanklik nie aan die openbaarmaking nie, maar gee later daaraan aandag. Opvoedkundige sielkundige nr 1 vervul ’n dubbele rol, naamlik terapeuties en forensies.

September 2005: Kind A word besny

As gevolg van voordurende infeksie van Kind A se genetalieë doen ’n uroloog ’n besnydenis.

Oktober 2005: ’n Tussenganger word aangestel

Albei biologiese ouers stem in (in die teenwoordigheid van gesinsadvokaat) dat die maatskaplike werker as tussenganger kan optree. Dit impliseer dat die maatskaplike werker Kind A na en van sy biologiese vader sal neem vir besoeke en besoeke sal monitor.

Maart 2006: Verslag van gesinsadvokaat

Gesinsadvokaat beveel aan dat die biologiese vader Kind A onder toesig van sy paterne grootmoeder mag sien. Maatskaplike werker tree as tussenganer op.

Junie 2006: Tweede ondersoek begin deur opvoedkundige sielkundige nr.2:

Die biologiese moeder vermoed dat Kind A (toe 5 jaar) seksueel deur sy vader misbruik is. Sy neem hom na opvoedkundige sielkundige nr. 2 vir ’n forensiese ondersoek. ’n Volledige ondersoek wat ses sessies behels, word gedoen

Julie 2006: Kind A se verklaring

Kind A se verklaring word deur ‘n polisiebeampte van die Kinderbeskermingseenheid afgeneem. Dit is nie ‘n kindervriendelike situasie nie en Kind A word baie verwar. Geen mediese ondersoek is gedoen nie en ‘n mediese verslag is nie ingedien nie.

Sept. 2006: Saak word teen die twee beskuldigdes (biologiese vader en saamleefmaat) gemaak

Die biologiese moeder lê verklarings af en maak ’n saak van onsedelike aanranding teen die twee beskuldigdes.

Maart 2007: Arrestasie en vrylating van die twee beskuldigdes

Die saak sloer en word aanvanklik deur die aanklaer uitgegooi. Die Openbare Beskermer beveel egter dat die twee beskuldigdes vervolg moet word en beveel die polisie om hulle te arresteer. Direk na arrestasie word die beskuldigdes voor die hof gebring op ‘n klag van onsedelike aanranding en op borgtog vrygelaat.

Oktober 2007: Die hofsaak neem ’n aanvang

Die hofsaak van onsedelike aanranding begin teen die biologiese vader en sy saamleefmaat. Kind A getuig self in die saak en verskeie getuies tree op vir die Staat en vir die verdediging.

Februarie 2009: Uitspraak

Twee jaar na die aanvang van die saak word dit afgesluit. Die twee beskuldigdes word onskuldig bevind en ontslaan. Die landdros wys in sy uitspraak daarop dat die Staat nie veel moeite gedoen het om die beskuldigdes aan die pen te laat ry nie.

April 2009: Opvoedkundige sielkundige sluit haar dienste af met Kind A

Tot op hierdie stadium was Kind A betrokke by 36 sessies by hierdie sielkundige. Ontlonting is gedoen.

SENTRALE TEMAS VANUIT TYDLYN VAN GEBEURE

Uitgerekte hofproses in terme van toesig en beheer en beweerde seksuele misbuik

Aanmelding van beweerde misbruik word nie na behore hanteer nie

Geen mediese ondersoek word na onthulling gedoen nie

Professionele persone betrokke se rolle nie duidelik gedefinieër

Fisiese simptome en gedragsprobleme by Kind A waargeneem wat aanduidend kan wees van moontlike seksuele misbruik

Hofsaak rondom beweerde seksuele misbruik duur 16 maande

Identifisering van hoofrolspelers in die hantering van Kind A se geval

Vanuit die lêer-inhoud ten opsigte van die geval van Kind A is die volgende rolspelers geïdentifiseer:

- Maatskaplike werker/Tussenganger
- Gesinsadvokaat
- Opvoedkundige sielkundige nr. 1
- Opvoedkundige sielkundige nr. 2
- Suid-Afrikaanse Polisie
- Aanklaer/hof

Vanuit die hofoorkondes is die volgende getuies vir die Staat geïdentifiseer:

- Kind A
- Kind A se biologiese moeder
- Kind A se materne grootouers
- Opvoedkundige sielkundige 1

- Opvoedkundige sielkundige 2
- Kliniese sielkundige
- Maatskaplike werker wat as tussenganger opgetree het

Vir doeleindes van duidelikheid sal alle inligting verkry vanuit getuies vir die Staat in groen aangedui word.

Getuies vir die verdediging het ingesluit:

- Beweerde oortreder 1 (Kind A se biologiese vader)
- Beweerde oortreder 2 (Kind A se biologiese vader se saamleefmaat)
- Predikant
- Kliniese sielkundige

Inligting verkry vanuit getuies vir die verdediging sal in blou aangedui word.

Opsomming van getuienislewering

Ten einde die nodige agtergrond in terme van die verloop van die hofgebeure te illustreer, word alle getuienislewering kortliks opgesom.

Tabel 1: Opsomming van getuienislewering vir die staat

GETUIENIS VAN KIND A
• **Word herhaaldelik deur die verdediging herinner dat hy die waarheid moet praat** • **Verwys deurlopend na sy 'lelike pa' en 'lelike pa se vriendin'** • **Beweer sy pa en die vriendin het 'n selfoonlaaier in sy boude gedruk** • **Beweer sy pa en die vriendin het 'goeters' in sy boude gedruk** • **Erken hy het 'n 'fout' gemaak oor wat werklik in sy boude gedruk is** • **Ontken enige positiewe speelaktwiteite tussen hom en sy pa en die vriendin**

GETUIENIS DEUR KIND A SE BIOLOGIESE MOEDER
• **Ma beoefen 'n beroep in die gedragswetenskappe** • **Kind A was 3 jaar oud ten tye van die egskeiding** • **Huwelik was gekenmerk deur konflik en fisiese geweld** • **Vader het 'n vorige klag van seksuele teistering in sy werksplek teen hom** • **Biologiese moeder verkry toesig en beheer oor Kind A** • **Kind A presenteer met aggressiewe en regressiewe gedrag en is oorbewus van sy genitalieë** • **Kind A ervaar pyn as hy urineer en het herhaaldelike urienweginfeksies** • **Vader het vir langer as 'n jaar nie onderhoud betaal nie** • **Kind A wil sy pa nie sien nie en kruip soms weg as sy pa hom besoek** • **'n Tussenganger word aangestel deur die gesinsadvokaat** • **Kind A word na opvoedkundige sielkundige 1 geneem met die oog op hantering van vader se toegangsregte tot Kind A** • **Kind A maak onthulling van beweerde seksuele misbruik** • **Vader se toegangsregte is beëindig as gevolg van die bewering** **Opvoedkundige sielkundige 1 doen beide terapie en 'n forensiese assessering**
GETUIENIS DEUR MATERNE GROOTOUERS
• **Aggressiewe gedrag word by Kind A waargeneem** • **Kind A is oorbewus van sy genitalieë en word 'n paar keer betrap dat hy speletjies van 'n seksuele aard speel** • **Kind A kruip soms weg as sy pa hom kom besoek**

GETUIENIS DEUR OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE 1
• **Vyftien jaar ervaring van werk met voorskoolse kinders en kinders tot 10 jaar**

- **Doen spelterapie en hanteer veral sake van beweerde seksuele misbruik**
- **Buiten kwalifikasie in sielkunde, ook 'n kwalifikasie in kinderreg en spesifieke opleiding in forensiese assessering**
- **Het reeds agt keer vantevore as deskundige getuie in soortgelyke sake opgetree**
- **Aanvanklike aanmelding was gedragsprobleme by Kind A, insluitend enurese, enkoprese, huilerigheid en aggressie**
- **Aggressie en magteloosheid is sleuteltemas tydens spelaktiwiteite gedurende terapie sessies**
- **Kind A se gedrag kan simptoom van verskeie emosionele probleme wees, insluitend moontlike seksuele misbruik**
- **Spelpatrone en tekeninge dui sterk op emosionele ontwrigting**
- **Maak aanbevelings oor pa se besoekregte aan die Gesinsadvokaat en was van mening dat Kind A te jonk was vir lang en ver besoeke**
- **Beweerde seksuele misbruik was eerder 'n toevallige onthulling tydens terapie**
- **Bewerings van voorwerpe in sy boude tydens terapie sessies is aanvanklik nie in 'n ernstige lig beskou nie**
- **Doen terapie en 'n forensiese assessering**
- **Getuig dat kinders se kognitiewe funksionering op Kind A se ouderdom betroubare getuienislewering beïnvloed en dat hulle soms detail vergeet**
- **Uiteindelik betrokke by 24 spelterapie sessies met Kind A**
- **'n Mediese ondersoek is nooit aangevra nie**
- **VERDEDIGING TEKEN BESWAAR AAN: Opvoedkundige sielkundige het op onbillike wyse inligting vir 'n forensiese ondersoek verkry terwyl sy 'n ondersoek vir die Gesinsadvokaat moes doen rondom die pa se besoekregte aan Kind A**

GETUIENIS DEUR OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE 2
• **Het 'n doktorale studie oor kindertydse seksuele misbruik voltooi**

- **Spesialiseer in hierdie tipe sake en het reeds 445 soortgelyke gevalle onder 5-8 jariges vir die SAPD geassesseer**
- **Kind A is aangemeld met traumatiese gedrag en oormatige masturbasie**
- **Volg nie 'n vaste protokol vir sulke sake nie, maar het 'n eie protokol aan die hand van SAPSAC riglyne ontwikkel**
- **Verkry kollateraal van ma, materne grootouers, Kind A, maatskaplike werker, verslae van ander sielkundiges en hofstukke**
- **Beklemtoon dat 'n kind se verklaring en getuienis nie soos 'n volwassene s'n hanteer kan word nie**
- **Meld dat bekentenis van seksuele misbruik 'n deurlopende proses is ("Disclosure is an ongoing process")**
- **'n Verklaringsgeldigheidsanalise ("Statement Validity Analysis") is gedoen**
- **SAID as moontlikheid is ondersoek**
- **Wanneer bewerings van seksuele misbruik tydens assesseringsessies bespreek is, is verhoogde aktiwiteitsvlakke, irritasie en angs by Kind A waargeneem**
- **Angstigheid was veral waarneembaar wanneer Kind A daarop gewys het dat sy pa en die vriendin die bewerings ontken**
- **Skuldgevoelens is by Kind A waargeneem en hy beskou die hofproses as sy straf**
- **JSAIS is gedoen – baie lae vlakke van konsentrasie wat kan dui op post traumatiese stressindroom**
- **Kind A se menstekeninge bevat elemente van aggressie, magteloosheid, 'n swak pa-kind verhouding en duidelike verwysings na 'n insident van seksuele misbruik**
- **Tekeninge toon 'n inhoudskonstantheid in terme van beweerde seksuele misbruik**
- **Anatomiese poppe verifieer die insident soos in tekeninge uitgebeeld**
- **Speltemas tydens assessering is dikwels aggressief en 'n preokkupasie met die seksuele**
- **Geen indikatore vir SAID is gevind nie**
- **VERDEDIGING TEKEN BESWAAR AAN: Hierdie assessering geskied omtrent 'n jaar na die beweerde insident plaasgevind het en die biologiese moeder en die betrokke**

sielkundige het mekaar op persoonlike vlak geken
GETUIENIS DEUR KLINIESE SIELKUNDIGE
• **In besit van 'n PhD in psigoterapie en 'n PhD in kinderterapie** • **Doen op biologiese moeder se versoek 'n volledige, objektiewe assessering van die ma self rondom persoonlikheid en ego sterkte** • **Geen tekens van voorgee ('faking') word by ma opgemerk nie en sy toon 'n goeie balans tussen selfonthulling en selfbeskerming** • **Gebruik 'n stel toetse waarmee ma nie bekend is nie** • **Simptome wat verband hou met spanning en depressie, insluitend angstigheid, naarheid en slaapversteurings, is ter sprake** • **Ma toon goeie ego-kragte ('resilience')** • **Ma nie geneig tot aggressie, maar eerder repressie, hulpeloosheid en die vermyding van konflik. Dit word beskou as die rede waarom ma nie dadelik na Kind A se bekentenis (onthulling) die saak verder laat ondersoek het nie** • **Ma is soms passief-afhanklik, maar geen afhanklikheidsversteurings volgens die DSM-IV-TR nie** • **Ma is geneig om te onttrek eerder as om haarself te laat geld** • **Geen tekens van ouervervreemding (SAID) kom na vore nie**
GETUIENIS DEUR MAATSKAPLIKE WERKER
• **Word as tussenganger vir Kind A deur die Gesinsadvokaat aangestel** • **Duidelike roluitklaring is gedoen tussen die maatskaplike werker, sielkundige en gesinsraadgewer** • **Werk in dieselfde praktyk as die biologiese moeder en leer Kind A ook op informele vlak ken** • **Neem Kind A as stil en aggressief waar** • **Tree twee maal per maand as tussenganger op as Kind A besoek van sy pa ontvang** • **Soms wil Kind A nie na sy pa gaan nie en hy moet deurgaans verseker word dat hy na**

sy ma toe kan teruggaan • Aangesien maatskaplike werker nie forensiese ondersoeke doen nie, het sy die biologiese moeder aangemoedig om Kind A vir terapie te neem • Kind A onthul seksuele misbruik aan maatskaplike werker • Besonder hegte verhouding tussen Kind A en maatskaplike werker • Kind A vra herhaaldelik vir maatskaplike werker of sy hom glo

Tabel 2: Opsomming van getuienis vir die verdediging

GETUIENIS DEUR DIE BIOLOGIESE VADER
• Pa het 'n regskwalifikasie[1] • Beskuldig biologiese ma van persoonlikheids- en aanpassingsprobleme, asook bulimie omdat sy nie trauma en teleurstellings kon verwerk nie • Hou biologiese moeder voor as wisselvallig in terme van gedrag en besluitneming • Verduidelik dat biologiese moeder baie skuldgevoelens oor seksualiteit openbaar het tydens hulle huwelik • Biologiese moeder het, nadat sy van sy buite-egtelike verhouding te wete gekom het, beweer sy het 'n geslagsiekte. Mediese toetse het egter die teendeel bewys • Tydens die egskeiding was bateverdeling en finansies 'n groot uitdaging. Hy erken dat hy haar bedrieg het hieromtrent • Erken dat daar fisiese geweld in hulle verhouding was • Pa spreek landdros dikwels informeel aan tydens getuienislewering en hy word herhaaldelik versoek om korrek en professioneel in die hof te praat • Kind A wou op 'n sekere stadium ook nie meer telefonies met hom praat nie • Na 'n erge rusie tussen hom en ma, dreig sy: "...dat hy haar kind nie sal kry nie" • Baie konflik oor toegangsregte volg • Erken dat hy aanvanklik nie onderhoud betaal het nie

[1] Pa se beroep word doelbewus nie in detail bespreek nie om Kind A se anonimiteit te beskerm

- **Verwys na die beweerde insident as 'n onskuldige speletjie**
- **Voel biologiese ma het kind opgemaak aangesien Kind A op 'n stadium vir hom vertel het dat sy ma hom gemaan het om versigtig te wees "....vir stoute omies wat goed in sy boude kan druk"**
- **Verwys na ma se kundigheid en ervaring in gedragswetenskappe en kennis van situasies soos hierdie. Bevraagteken haar en haar kollegas se hantering van die bewering en die daaropvolgende intervensies**
- **Erken dat hy hofprosedures aan Kind A verduidelik het, gesien teen sy eie agtergrond en kennis van die reg**
- **Bevraagteken forensiese assesserings 18 maande na die beweerde insident**
- **Pa wek suspisie dat ma se vriend moontlik vir Kind A seksueel kon misbruik**

GETUIENIS DEUR PA SE VRIENDIN

- **Beskou biologiese ma as snobisties**
- **Meld dat paterne grootouers dadelik bewerings van seksuele misbruik aan die Gesinsadvokaat gerapporteer het**
- **Maak melding van erge konflik oor besoekregte**
- **Weet van ekseem en dat pa soms salf aan Kind A se genitalieë moes smeer en dat Kind A se dieet deeglik dopgehou moes word**

GETUIENIS DEUR PREDIKANT

- **Was leraar vir beide pare grootouers**
- **Materne grootouers trek weg uit sy gemeente. Hulle kla hom van partydigheid by die Ring aan omdat hy steeds met die paterne grootouers bevriend gebly het ten spyte van beweerde seksuele misbruik**

GETUIENIS DEUR KLINIESE SIELKUNDIGE

- **Praktiseer sedert 1973, sedert 1988 by forensiese sielkunde betrokke**
- **Het formele assessering van biologiese pa gedoen**
- **Hy bevraagteken die geldigheid van vorige hofprosesse en ander sielkundiges se**

hantering van bewerings van seksuele misbruik

- **'n Forensiese assessering moes reeds na die eerste bewering aangevra geword het**
- **Ander sielkundiges se assesseringstegnieke word bevraagteken en hy meld dat daar te veel sessies met Kind A gevoer is vir 'n forensiese assessering**
- **Wys op erge konflik tussen die ouers wat die risiko vir SAID verhoog**

Sentrale temas geïdentifiseer vanuit die getuienis

Vanuit die voorafgaande opsommings is 'n aantal sentrale temas geïdentifiseer. Hierdie temas word saamgevat in tabel 3.

Tabel 3: Sentrale temas vanuit getuienislewering

Kind A word dikwels herinner om die waarheid te praat
Bewerings van ouervervreemding en SAID word ondersoek, maar nooit bewys
Geseksualiseerde, aggressiewe en regressiewe gedrag deur verskillende rolspelers by Kind A waargeneem
Ma se persoonlike verbintenisse met van die sielkundiges wat getuig lei daartoe dat hulle objektiwiteit as deskundige getuies bevraagteken word
Sommige inligting word deur die verdediging as hoorsê-getuienis bestempel
Detailverskille in Kind A se getuienis word uitgewys. Sy geheue word as fragmentaries en selektief beskou
Sielkundige vir verdediging gee nie erkenning aan ander erkende forensiese tegnieke deur kollegas nie en lewer 'n algemene opinie sonder feitelike begronding
Ma meld saak nie dadelik by die polisie aan nie
Daar is geen mediese getuienis om die beweerde seksuele misbruik te staaf nie, ten spyte van verskeie bewerings van vreemde voorwerpe wat in die penis of anus gedruk is
Ma se aanvanklike versoek aan opvoedkundige sielkundige nr. 1 was 'n ondersoek in terme van besoeke aan die pa en nie om vreemde seksuele gedrag te ondersoek nie

Opvoedkundige sielkundige nr. 1 beveel nie verdere sielkundige of forensiese assessering aan nie
Kind A se verklaring aan SAPD is nie konstant nie. Hy weerspreek sy eie getuienis in verskeie opsigte. Die enigste sentrale tema wat geïdentifiseer is, is dat 'n voorwerp in Kind A se boude opgedruk is
Forensiese assessering 11 maande na die beweerde insident is onbetroubaar
Paterne ouma se onmiddellike aanmelding van beweerde seksuele misbruik by gesinsadvokaat verhoog haar betroubaarheid as objektiewe getuie
Staat het in wese geen bewyse van aanranding aangebied nie
Beskuldiges kry die voordeel van die twyfel en word vrygespreek

Bevindinge vanuit individuele onderhoude

Die data versamel vanuit die individuele onderhoude met Kind A en die biologiese moeder word aangebied in tabelle 4 en 5.

Tabel 4: Opsomming van individuele onderhoud met Kind A

Vraag	Verbatim respons
1. Vertel my kortliks waarom jy in die hof vir die landdros moes gaan vertel het wat met jou gebeur het?	***"Die man waarmee my ma getrou (sic) was en sy meisie het goed in my boude gedruk en my privaatdeel baie seergemaak. Ek moes 'n operasie kry, want als het baie sleg geruik".***
2. Hoe het jy gevoel om dieselfde storie vir die polisie te vertel?	***"Verskriklik. Ek wil nooit weer die storie vertel nie. Tannie A het gesê dit is nie na die hof nodig om dit weer oor en oor te vertel nie".***
3. Hoe het jy gevoel om in die hof te gaan praat?	***"Ek wou vir die hof die waarheied vertel, Ek het bang geword want hulle vra oor en oor.***

	Ek het deurmekaar en moeg geraak. Ek het nie altyd reg gepraat nie, want hulle hou so aan. Ek kon daai man en vrou sien wat dit gedoen het en hulle gehoor het. Dit was verskriklik. Ek was alleen saam met 'n vreemde tannie".
4. Hoe het jy gevoel nadat jy klaar in die hof gepraat het?	***"Ek wou alleen met die judge gepraat het. Ek het ook alleen met hom gepraat. Dit was beter, want hy het geluister en nie vrae gevra nie. Ek het vir die judge gevra of hy my geglo het. Hy moes my glo, want ek sal nie sulke goed uitdink nie. Tannie weet, ek is nie 'n jokkind".***
5. Moes jy nog vir ander mense jou storie vertel?	***"Na die hof wou daai man hê ek moes by hom gaan kuier. Ek wou nie en moes nog die storie vir ander baie mense vertel. Ek wou nie, maar ek moes. Dit het gehelp dat hy nou wegbly. Dit is verskriklik om weer en weer die storie te vertel. Dit moet nou ophou, ek is nou klaar daarmee en met daai man".***
6. Hoe het jy oor jou pa gevoel nadat jy klaar in die hof gepraat het?	***"Hy is nie my pa nie. Hy is 'n jokmens. Ek is klaar met hom. Hy is eintlik niks van my nie".***
7. Hoe voel jy nou oor die lewe?	***"Ek is nou bly oor my lewe soos dit nou is. Ek is moeg van hof. Ek is moeg van daai man, want hy wil ons nie uitlos nie, maar ons leef met dit. Ek het nou 'n baie goeie pappa gekry en ek het my tennis wat baie lekker is".***

8. Is daar nog iets wat jy vir my sou wou sê?	***"Ek vertel nog net hierdie keer die storie omdat dit dalk ander kinders en die dom hof***

	kan help. Ek wil nooit weer hierdie storie vertel nie. Ek haat dit. Dit is nie meer part of my life nie, ek is on free. Hy is nie my pa nie ek het 'n goeie pa".
SENTRALE TEMAS UIT HIERDIE ONDERHOUD **Die ervaring was in die kind se woorde VERSKRIKLIK** **Kind A het beleef dat die hof hom NIE GEGLO het nie** **Die HOFPROSES was negatief** **Kind A MISKEN SY PA deurlopend** **HERHAALDE VERTELLING VAN SY STORIE is traumaties** **Kind A het 'n NUWE LEWE gebou**	

Tabel 5: Opsomming van individuele onderhoud met biologiese moeder

Vraag	Opsomming van antwoord en/of verbatim respons
1. Vertel my kortliks die gebeure wat aanleiding gegee het tot die hofproses?	• ***'n Disfunksionele huwelik wat in 'n egskeiding eindig*** • ***Kind A toon uitgesproke aggressie en regressie*** • ***Kind A weier om pa te sien met besoeke*** • ***Begin seksuele misbruik vermoed en weier toegang deur pa*** • ***Meld vermoede aan by 'n sielkundige***

2. Hoe het u die hofproses ervaar?	***"Verwarrend, intimiderend en 'n uitgebreide spel. 'n Swak aanklaer wat my kind in die steek gelaat het en 'n prokureur wat magteloos was om die situasie te red. Nie eers 'n 'watching brief' kon die aanklaer mobiliseer nie".***
3. Beskryf hoe is u kind in die hof hanteer.	***"Pateties. Die aanklaer het almal verbied om hom voor te berei, want sy sou dit self doen, maar het in gebreke gebly om dit te doen. Sy was uiters swak voorberei. Hy is vir drie ure aaneenlopend ondervra. Die tussenganger het geen beswaar gemaak nie en die tussengangerkamer is teen die bank van die beskuldigde. Hy kon hom sien en hoor. Die landdros het ook niks gedoen om in my kind se welsyn op te tree nie".***
4. Voel u ons regstelsel beskerm kinders?	***"As alle kinders soos my kind behandel word, wou ek dit eerder as emosionele mishandeling deur ons regstelsel bestempel".***
5. Wat was die uiteinde van die saak?	***"Onskuldig....!"***
6. Hoeveel persone was betrokke by u kind se assessering?	***"Tot en met die seksuele misbruik saak, vier met die gesinsadvokaat ingesluit. Daarna nog twee vir verdere ondersoek vir toegang en beheer".***
7. Hoeveel het die hele proses u aan tyd en geld gekos?	• Koste: R2.8 miljoen • Tyd: 8 jaar
8. Voel u dat u u kind beveilig het?	***"Ek het hom teen die oortreder beskerm, maar nie teen die trauma van assessering en die hof nie".***

SENTRALE TEMAS UIT HIERDIE ONDERHOUD

ONBILLIKE EISE aan Kind A tydens die hofproses

GEBREKKIGE ONDERSTEUNING deur die aanklaer en die gereg oor die algemeen

SEKONDêRE TRAUMA as gevolg van veelvuldige assesserings

6. Bespreking van bevindinge

Kind A presenteer met enurese, enkoprese, aggressie, herhaalde urienweginfeksie en is oorbewus van sy genitalieë. Hierdie simptome word wyd in die literatuur met moontlike seksuele misbruik verbind (De Voe & Faller, 2002; Finkelhor & Brown, 1985; Müller & Hollely, 2009; Ras, 2009). Simptome waarmee kinders presenteer, is nie noodwendig ’n bewys van seksuele misbruik nie, maar kan ook medies, emosioneel of sosiaal verwant wees. Dit bemoeilik die aanvanklike aanmelding soos in Kind A se geval. Hierdie simptome dra ook by tot die slagoffer se gevoel van magteloosheid (Fouché, 2001).

Aanmelding by opvoedkundige sielkundige nr. 1 was met betrekking tot besoekregte. Dit blyk dat hantering van hierdie geval reeds dáár verkeerd geloop het. Hierdie professionele persoon het ook twee rolle vervul, naamlik die van terapeut en forensiese sielkundige. Dit het haar objektiwiteit, bevoegdheid en kundigheid in die hof in gedrang gebring. Finnegan (2004) wys daarop dat ‘n dubbele rol, naamlik die van terapeut en die van forensiese assesseerder, sake waar seksuele misbruik vermoed word kan kompliseer. Volgens De Voe en Faller (2002) sou ’n objektiewe forensiese assessering eerder die gewenste optrede in dié geval gewees het.

Weens beperkte hulpbronne in die gemeenskap waar hierdie geval hanteer is, is professionele persone wat in dieselfde gebou as die biologiese moeder werksaam was, in die ondersoek benut. Hul objektiwiteit is deur die verdediging in die hof bevraagteken. Volgens Finnegan (2004) behoort enige professionele persoon wat ’n professionele diens lewer, se dienslewering en deskundige getuienislewering verhewe bo sulke aantygings te wees. In hierdie saak het dit egter ‘n invloed op getuienislewering gehad en die verdediging het dit deurlopend in hulle kruisverhoor van getuies vir die staat gebruik om agterdog te skep en die getuienis te diskrediteer.

Alhoewel Kind A geleentheid gebied is om *in camera* en met behulp van ‘n tussenganger te getuig, het sy getuienis bepaalde feite soms weerspreek en het sy geheue hom by tye in die steek gelaat. Die hele hofproses was egter vir Kind A ‘n traumatiese ervaring – in sy eie woorde, ‘verskriklik’. Müller (2004) beveel aan dat sekondêre trauma tydens die hofproses ten alle koste vermy moet word. Kind A het die hof ervaar as “dom” en ’n plek wat hom nie wou glo nie. Hy het op ’n individuele gesprek met die landdros aangedring, om hom te probeer oortuig dat hy die waarheid gepraat het. Müller en Tait (1994), sowel as Potgieter (2001) beklemtoon dat die kinders se getuienis beïnvloed word deur hulle kognitiewe vermoë, die vermoë om te onthou en te kommunikeer en ook hulle persepsies van die hofprosedures en die rol wat hulle daarin speel. Meyers (1992) wys uit dat inkonsekwente weergawes van gebeure in kinders se getuienis ‘n werklikheid is en dat dit dikwels veroorsaak word deur verwarring as gevolg van die trauma, die psigologiese impak en dinamika wat met onthulling gepaard gaan en die kind se vermoë in terme van ontwikkelingsvlak. Die grootste deel van Kind A se ontwikkeling, vanaf kleuter tot laerskoolkind, is beïnvloed deur hofsake. Daar was dus ’n verlies aan kindwees (Müller & Hollely, 2009). Müller (2004) wys pertinent daarop dat ‘n uitgerekte hofproses sekondêre trauma by kinders kan veroorsaak, asook hul emosionele ontwikkeling en gevoel van selfwaarde aantas.

Die biologiese moeder het die hofproses, asook die aanklaer se swak bystand aan Kind A, as ’n bydraende faktor in traumatisering van haar kind ervaar. Alhoewel Ras (2009) en Faller (2003) uitgewys het dat die aanklaer ‘n groot rol te speel het in die voorbereiding van die kind, is dit in praktyk, en ook in die geval van Kind A, nie na behore gedoen nie. ‘n Oorvol hofrol en gepaardgaande oorlading van staatsaanklaers lei dikwels daartoe dat kinders nie na behore voorberei en ondersteun word nie (Ras, 2009). Voorts het die biologiese moeder gevoel dat sy haar kind nie na behore kon ondersteun en beskerm in hierdie situasie nie. Sy het gevoel dat die regstelsel, ander professionele persone en syself haar kind gefaal het. De Koker (2010) wys uit dat die nie-beskuldigde ouer in sake van kindertydse seksuele misbruik dikwels oorreageer na so ‘n onthulling en gevoelens van woede, mislukking en selfverwyt ervaar omdat hulle nie hulle kinders na behore kon beskerm nie. Ten spyte van tyd en geld deur die biologiese moeder bestee, is sy van mening dat alhoewel sy Kind A tot ‘n mate teen die oortreder beskerm het, sy hom egter nie teen veelvuldige assesserings, die hofproses of trauma kon beskerm nie. Daar is min ouers wat finansieel in staat is om soveel geld te kan bestee om hul kinders te probeer beveilig.

Veelvuldige assesserings het ook tot sekondêre trauma by Kind A bygedra. Die feit dat hy herhaaldelik sy "storie" aan vreemde mense moes vertel, was vir hom vernederend en traumaties en Faller (2003) wys daarop dat die korrekte hantering van 'n kind se onthulling van moontlike seksuele misbruik van uiterste belang is. Die kind behoort 'n formele verklaring by die Polisie af te lê en dit moet opgevolg word met 'n forensiese assessering deur 'n objektiewe en gespesialiseerde professionele persoon. Die noodsaaklikheid van 'n mediese ondersoek so spoedig moontlik na onthulling word ook deur Faller (2003) en Ras (2009) uitgewys. In die geval van Kind A is geen mediese ondersoek gedoen om die getuienis in die hof aan te vul nie.

As gevolg van die voortslepende proses en die feit dat die biologiese vader nie sy skuld wou erken nie, het Kind A met weersin gevul. Hy het alle bande met sy pa verbreek en misken hom as sy vader. Voices for Children (2000) wys uit dat kinders gevoelens van haat, woede, teleurstelling en wantroue ervaar teen gesinslede wat hulle na bewering seksueel misbruik het. Ouervervreemding kon nie bewys word nie en kon dus nie die biologiese moeder se motief vir haar optrede gewees het nie. Lowenstein (2010) wys daarop dat ouervervreemding op verskeie vlakke en maniere plaasvind, veral gedurende 'n egskeidingsproses. Dit kan byvoorbeeld op emosionele, finansiële of fisiese vlak plaasvind, waar die kind deur die een ouer, vanaf die ander ouer vervreem word. Dit kan egter so subtiel plaasvind, dat dit nie noodwendig bewys kan word nie.

Kind A se belewenisse sedert aanmelding van die beweerde seksuele misbruik tot en met afhandeling van die saak, kan as negatief, sleg en traumaties beskryf word.

7. Gevolgtrekking

Uit hierdie gevallestudie word veral die volgende lesse geleer:

- Aanmelding van beweerde seksuele misbruik moet so vinnig as moontlik na die eerste onthulling gedoen word.
- Die aanmelding moet gedoen word by 'n professionele persoon wat oor die nodige kundigheid en ervaring beskik om 'n forensiese assessering te kan doen.
- 'n Verklaring by die Polisie moet so spoedig moontlik afgelê word.
- Die aanmelding en verklaring moet opgevolg word deur 'n mediese ondersoek.

- Indien die aanmelding en gepaardgaande forensiese ondersoek nie korrek gedoen word nie, kan die betrokke kind verder getraumatiseer word deur veelvuldige assesserings en ’n uitgerekte hofproses en kan ’n beweerde oortreder uiteindelik skotvry daarvan afkom.

8. Aanbevelings

Vanuit die voorafgaande resultate en gevolgtrekkings kan ‘n aantal aanbevelings gemaak word om dienslewering in soortgelyke gevalle te verbeter. Aanbevelings word gemaak om maatskaplike werkers, ander professionele persone, die hofsisteem, ouers en die breër publiek te ondersteun om die korrekte en professionele stappe te neem om aanmeldings van beweerde seksuele misbruik in die beste belang van kinders te kan hanteer.

In terme van dienslewering deur maatskaplike werkers en ander professionele persone geld die volgende aanbevelings:

- die beste belang van die kind beginsel in die Children’s Act (38 van 2005) behoort as riglyn te dien;
- alle verklarings en bewerings deur kinders is nie noodwendig korrek nie, maar mag nooit geïgnoreer word nie;
- forensiese assesserings moet slegs deur gekwalifiseerde en ervare professionele persone gedoen te word;
- die persoon wat die forensiese assessering doen, moet nie ook terapeuties by die kind betrokke raak nie;
- ‘n interdissiplinêre spanbenadering behoort gevolg te word, waar dissiplines soos die distriksgeneesheer, die polisie, die staatsaanklaer, die maatskaplike werker en die forensiese deskundige ten nouste saamwerk en
- ‘n eenvormige prosedure vir die aanmelding en hantering van seksuele misbruik van minderjarige kinders behoort ontwikkel en gepropageer te word.

In terme van die hofsisteem word die volgende aanbevelings gemaak:

- landdroste en aanklaers behoort gespesialiseerde opleiding te ontvang in die hantering van die kind wat seksueel misbruik is;
- die ondersoekbeampte, in samewerking met ander rolspelers behoort die kind en sy/haar gesin deeglik voor te berei op hofprosedures;

- bestaande pogings om die hof meer toeganklik vir kinders te maak behoort verder uitgebrei te word;
- spesiale tydskedules vir hofsake waar kindertydse seksuele misbruik ter sprake is sal voorkom dat daar lang wagperiodes tussen hofsittings is wat die proses vir die kind onnodig uitrek;
- opvoeding van die publiek in die aanmelding van moontlike seksuele misbruik en die noodsaaklikheid van ’n objektiewe forensiese assessering en
- slegs gekwalifiseerde professionele persone moet toegelaat word om betrokke te wees by assessering van seksueel misbruikte kinders.

Met verwysing na ouers en die breër publiek word aanbeveel dat grootskaalse bewusmakingsveldtogte van stapel gestuur word en dat ouers ingelig sal word oor die korrekte aanmelding van ‘n vermoede van seksuele misbruik. Daarmee saam moet voorligting gebied word oor die noodsaaklikheid van ‘n verklaring by die polisie, ‘n mediese ondersoek en ‘n objektiewe forensiese assessering.

9. Bronnelys

Alderson, P. & Morrow, V. (2004). *Ethics, social research and consulting with children and young people* Ilford: Barnardo’s.

Alston, M. & Bowles, W. (2003). *Research for social workers* New York: Wadsworth.

Barlow, D.H. & DuRand, V.M. (2005). *Abnormal psychology: an integrative approach* New York: Houghton Miffin.

Brink, H. (2000). *Fundamentals of research methodology for health care professionals* Cape Town: Juta.

Cermak, P. & Molidor, C. (1996). “Male victim of child sexual abuse” *Child, Adolescent and Social Work Journal 13: 385-40.*

De Koker, C. (2010). *Die effek van ‘n kind se seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering.* Ongepubliseerde Meestersverhandeling, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.

Delport, C.S.L., Fouché, C.B. & Schurink, W. (2011). "Theory and literature in qualitative research" in A.S. De Vos; H. Strydom; C.B. Fouché & C.S.L. Delport. (eds) *Research at grass roots* Pretoria: Van Schaik, pp. 297-306.

De Vaus, D. (2001). *Research design in social research* London: SAGE.

De Voe, E.R. & Faller, K.C. (2002) "Disclosure patterns in children who may have been sexually abused" *Child Maltreatment* 81(1):5-32.

Dominiques, R.Z., Nelke, C.F. & Perry, B.D. (2001). *Child sexual abuse: encyclopaedia of crime and punishment* Thousand Oaks: Sage.

Dimock, P.T. (1988). "Adult male sexually abused as children: Characteristics and implications for treatment" *Journal of Interpersonal Violence 3: 203-221.*

Faller, K.C. (2003). *Understanding and Assessing Child sexual maltreatment* Thousand Oaks: Sage.

Feiring, C. & Cleland, C. (2007). "Childhood sexual abuse and abuse specific attributions of blame over 6 years following discovery" *Child Abuse and Neglect* 31:1169-1186.

Finkelhor, D. & Brown, A. (1985). "Impact of child sexual abuse: a conceptualization" *American Journal of Orthopsychiatry* 55(4):530-541.

Finnegan, J.F. (2004). *Investigative interviewing of adolescent victims. FBI Office for Victim Assistance* Washington D.C.: FBI Press.

Fouché, A. (2001). *Speltegnieke in die assessering van die seksueel misbruikte swart kind*. Ongepubliseerde Meestersverhandeling, Universiteit van Pretoria.

Fouché, C.B. & Schurink, W. (2011). "Qualitative research designs" in A.S. De Vos; H. Strydom; C.B. Fouché & C.S.L. Delport. (eds) *Research at grass roots* Pretoria: Van Schaik, pp. 307-327.

Gardner, R.A. (2002). "Parental alienation syndrome vs. Parental alienation: Which diagnosis should evaluators use in child-custody disputes?" *The American Journal of Family Therapy* 30:93-115.

Greeff, M. (2011). “Information collection: interviewing” in A.S. De Vos; H. Strydom; C.B. Fouché & C.S.L. Delport. (eds) *Research at grass roots* Pretoria: Van Schaik, pp. 341-375.

Henning, E. (2004). *Finding your way in qualitative research* Pretoria: Van Schaik.

Hunter, M. (1990). *Abused boys: The neglected victims of sexual abuse* New York: Fawcett Columbine.

Kaliski, S. (2006). *Psychological Assessment* Cape Town: Oxford University Press.

Kumar, R. (2005). *Research methodology: a step-by-step guide for beginners* London: SAGE.

Johnson, C.F. (2004). “Child Sexual Abuse” *Lancet* 6(364): 462-470.

Kellog, N.D. (2002). *Child sexual abuse: a marker or magnifying glass for family dysfunctions* Texas: Sage

Kuehnle, K. & Connell, M. (2009). *The evaluation of child sexual abuse allegations: a comprehensive guide to assessment and testimony* Hobohen New Jersey: John Wiley & Son.

Lowenstein, L.F. (2010). “The complexity of investigating possible sexual abuse of a child” http://www.parental-alienation.info (Accessed on 30/01/12).

Maleka, C. (2010). *An information kit for families affected by child sexual abuse and reported to the East Rand Child Protection Unit.* Unpublished Masters dissertation, North-West University, Potchefstroom campus.

Meyers, J.E.B. (1992). *Legal issues in child abuse and neglect* Newbury Park: SAGE.

Müller, K. (2003). “The enigma of the child witness: a need for expert evidence” *Child Abuse Research in South Africa* 4(2):2-9.

Müller, K. (2004). *Preparing children for court: a handbook for practitioners* Port Elizabeth: Printrite.

Müller, K. & Hollely, K. (2009). *Introducing the child witness* Port Elizabeth: Printrite.

Müller, K. & Tait, M. (1994). “A prosecutor is a person who cuts of your head: children’s perception of the legal process” *The South African Law Journal* 114(111): 593-603.

Padgett, D.K. (2008). *Methods in social work research* Beverley Hills: Sage

Poggenpoel, M. (1998). "Data analysis in qualitative research" in A.S. De Vos. (ed) *Research at grass roots: a primer for the caring professions* Pretoria: Van Schaik, pp. 334-353.

Potgieter, R. (2001). "Die Kind As getuie" Ongepubliseerde artikel geskryf vir opname in die Children's Act, 38 van 2005.

Ras, S. (2009). *'n Ondersoek na die emosionele behoeftes en probleme van die seksueel misbruikte adolessent wat betrokke is by die hofsisteem* Ongepubliseerde Meestersverhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

Roos, N. (2005). *Praat daaroor* Pretoria: LAPA Uitgewers.

RSA (Republic of South Africa). (2005). Ministry of Social Development. *The Children's Act* (38 of 2005). Pretoria: Government Printer.

RSA (Republic of South Africa). (2002). South African Human Rights Commission. *Report on sexual offences against children. Does the criminal justice system protect children?* Cape Town, Government Printer.

Tsolekile, P. (2003). *Child abuse in the Western Cape* Cape Town: Regent Press.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. (1995). *Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk* Kaapstad: CTP Drukkers.

Valente, S.M. (2005). "Sexual abuse of boys" *Journal of Child and Adolescent Psychiatiric Nursing* 18: 10-15.

Voices for children. (2000). "Child sexual abuse prevention initiatives" http://www.cfc-efc.ca/docs/vocfc/00000069.htm (Accessed on 20/04/2012).

Western Cape Government. (2012). "The Courts of South Africa" http://www.westerncape.gov.za/eng/pubs/public_info/C/32303 (Accessed on 08/05/12).

Willig, C. & Stainton-Rogers, W. (2005). *Handbook of qualitative research in psychology* London: SAGE.

AFDELING C: ADDENDUMS

ADDENDUM A: ONDERHOUDSKEDULE VIR ONDERHOUD MET BIOLOGIESE MOEDER

VRAE TYDENS ONDERHOUD MET BIOLOGIESE MOEDER:

1. Vertel my kortliks die gebeure wat aanleiding gegee het tot die hofproses.
2. Hoe het u die hofproses ervaar?
3. Beskryf hoe is u kind in die hof hanteer.
4. Voel u ons regstelsel beskerm kinders?
5. Wat was die uiteinde van die saak?
6. Hoeveel persone was betrokke by u kind se assessering?
7. Hoeveel het die hele proses u aan tyd en geld gekos?
8. Voel u dat u u kind beveilig het?

ADDENDUM B: ONDERHOUDSKEDULE VIR ONDERHOUD MET KIND A

VRAE TYDENS ONDERHOUD MET KIND A:

1. Vertel my kortliks waarom jy in die hof vir die landdros moes gaan vertel het wat met jou gebeur het.
2. Hoe het jy gevoel om dieselfde storie vir die polisie te vertel?
3. Hoe het jy gevoel om in die hof te gaan praat?
4. Hoe het jy gevoel nadat jy klaar in die hof gepraat het?
5. Moes jy nog vir ander mense jou storie vertel?
6. Hoe het jy oor jou pa gevoel nadat jy klaar in die hof gepraat het?
7. Hoe voel jy nou oor die lewe?
8. Is daar nog enigiets wat jy vir my sou wou sê?

ADDENDUM C: KOPIE VAN INGELIGTE TOESTEMMING DEUR BIOLOGIESE MOEDER

TOESTEMMING TOT NAVORSING

Hiermee gee ek …….. (ID ……) toestemming dat Amanda Beukes (ID 590927 0069 086) ’n gevallestudie met betrekking tot my minderjarige seun …….. mag doen.

Ek gee ook toestemming dat bevindinge van hierdie studie in ’n wetenskaplike joernaal gepubliseer mag word. Ek verstaan dat vertroulike inligting deurgaans anoniem hanteer sal word en dat my en my minderjarige kind se identiteit nooit geopenbaar sal word nie.

Ek gee ook verder toestemming dat me. Beukes alle lêerinhoud en hofnotules in my besit, wat betrekking het op die gevallestudie, mag gebruik.

Die omvang en inhoud van die gevallestudie is aan my verduidelik. Ek neem kennis dat die onderwerp die volgende behels: “Die belewenisse van ’n minderjarige seun rondom die aanmelding en hantering van beweerde seksuele misbruik”

Daar is ook aan my verduidelik dat ek en my minderjarige seun elk aan een onderhoud sal moet deelneem. Daar is ook verduidelik dat die onderhoud op band geneem sal word. Daarvoor gee ek ook die nodige toestemming.

GETEKEN: ……..

VOLLE NAAM EN VAN: .....

NAVORSER……..

ADDENDUM D: INGELIGTE TOESTEMMING DEUR KIND A

TOESTEMMING TOT NAVORSING

Hiermee gee ek …….. ……..jaar oud toestemming dat Amanda Beukes (ID 590527 0069 086) 'n gevallestudie met betrekking tot my hofsaak mag doen.

Me. Beukes het alles aan my verduidelik. Ek is ingelig dat ek ten alle tye mag vrae vra, dat ek net inligting mag gee waarmee ek gemaklik is en indien ek nie wil voortgaan met die proses nie, ek my mag onttrek.

Daar is ook aan my verduidelik dat ek aan een onderhoud sal moet deelneem, maar dat dit baie verstaanbaar sal wees. Daar is ook verduidelik dat die onderhoud op band geneem sal word en daarvoor gee ek ook toestemming.

KIND: ……

DATUM:……..

NAVORSER:……..